



HOOFSTUK III.

'N STANDAARDWOORDEBOEK VAN AFRIKAANS.

Deur Prof. Dr. S. P. E. BOSHOFF.

BY die taalstudie en die taalonderwys is 'n grammatika en 'n woordeboek onmisbare hulpmiddels, veral wanneer ons die taal nie enkel met die praktiese oogmerk bestudeer om dit te kan praat en skrywe nie.

In die grammatika vind ons die kodifikasie van die taalwette van 'n taal. 'n Grammatika wil ons 'n gesistematiseerde oorsig gee van die veelvuldig-gekompliseerde feite van die taallewe; dit sou moeilik en onprakties wees om daarin alle besonderhede te behandel. Meer as 'n kursoriese oorsig van die taalfeite, taalwette of taaltendense kan 'n grammatika om praktiese redes nie wees nie. Dit het tot doel die klassifisering, sistemativering en interpretering van die besonderhede van die taalkompleks.

Die woordeboek van 'n taal het 'n ander funksie. Het ons hierbo 'n grammatika die kodifikasie van die taalwette genoem, dan sou ons 'n woordeboek miskien die konkordans van die taalfeite kan noem. Maar dan moet onthou word dat dit 'n konkordans is wat tegelyk 'n kommentaar gee op die feite daarin versamel. Dit is ook gebruikelik om 'n woordeboek te vergelyk met 'n taalmuseum, 'n skatkamer van die taal se woordeskat. Jhr. Jan van der Werve het al reeds in 1553 sy versameling genoem „*Schat*

der Dwytscher talen”, al is dié títel in hierdie geval baie misleidend; ook Plantijn het sy woordeboek in 1573 genoem „*Schat der Neder-dwytscher Spraken*” en Mellema het in 1618 sy werk onder die títel „*Den Schat der Dwytscher Tale*” die wêreld ingestuur. ’n Mens sou ’n grammatika kan vergelyk met ’n goedgeoefende leër, met elke enkeling op sy pos en in gelid, en alle afdelinge op hulle plek in die gesamentlike eenheid. So hier en daar is daar effentjies ’n onreëlmatigheid, veroorsaak deur die verdwyning van ’n deserteur of die afwesigheid van ’n afgedwaalde, ’n sieke of gewonde, of deur ’n resjiment wat te vinnig of te stadig marsjeer en daardeur die harmoniese beweging van die geheel versteur. Dit noem ons in die grammatika dan die uitsonderinge op die reëls. Hulle is in die grammatika net so lastig as in die leër. ’n Mens sou die woordeboek van ’n taal dan kan vergelyk met die volksmassa self, waaruit die leër gerekruteer en wat deur so’n leër verteenwoordig word. Hier het ons g’n groepering in bataljons en resjimente nie, selfs g’n noukeurige afgebakende afdeling in sosiale groepe nie, hoogstens ’n saamhorigheid van huisgesinne, die bont geskakeerde volksmassa self in al sy bontheid, sonder die groepering van die ekonomiese of sosiale morfologie. Van so’n heterogene volksmassa kry ons van tyd tot tyd ’n alfabetiese sensusopgawe, maar dat so’n sensusstatistiek ook nooit presies en kompleet in absolute sin kan wees nie, kan elkeen wat in die dagblaaie die aankondiging van geboortes en sterfgevälle nalees, homself van oortuig. Daarom moet daar periodiek ’n sensusstatistiek opgemaak word. Nou is die woordeboek van ’n taal so’n alfabetiese sensusopgawe van die taal se woordvoorraad, sonder ’n grammatiese groepering in woordsoorte, woordfunksies en woordverbindings, met hoogstens ’n saamhorigheid van woordfamilies. Ook die woorde van ’n taal word gebore en sterf weer uit; hulle laat hul dus nie as fossiele en dooie dinge in ’n taalmuseum rangskik nie, behalwe as die taal self reeds ’n dooie taal is. En daarom vind ons ook die vergelyking van ’n woordeboek met ’n taalmuseum minder toepaslik. Die samesteller van ’n woordeboek staan dan ook voor ’n moeilike taak, en om praktiese redes is dit boondien nie moontlik om elke paar jaar, soos by ’n volkstelling, ’n nuwe alfabetiese sensusstatistiek van die taal se woordeskat op te maak nie, sodat in hierdie sin die opmerking van Sweet juis is “that

a good dictionary is necessarily a bad one”*. Nog moeiliker word die taak, wanneer so’n werk moet geld as ’n standaardwoordeboek van ’n taal. Daarmee bedoel ons in die algemeen dat so’n werk in sy woordversameling so kompleet moontlik, in sy woordoms krywing en woordverklaring so noukeurig moontlik, in sy funksie- en betekenisbepaling so presies moontlik, in sy aanduiding van die algemeen beskaafde, sowel as van die dialektiese, uitspraak, en dus ook in sy spellingsisteem so betroubaar en gesaghebbend moontlik, in sy illustrasies van die woordgebruik in spreekwoordelike en idiomatiese uitdrukkinge of in ander sintaktiese woordverbindings so volledig en duidelik moontlik, in sy etimologieë so wetenskaplik moontlik moet wees. Dit moet in kort ’n wetenskaplik betroubare en gevolglik ’n gesaghebbende vraagbaak oor die taal se woordeskat wees.

Dat die samestelling van ’n standaardwoordeboek van Afrikaans ’n moeilike werk is, besef niemand beter nie as hy wat reeds op die een of ander manier indirek sy kragte daaraan gewy het. Laat ons vereers nagaan watter voorbereidende werk daar reeds gedaan is om vandag so’n taak in die geheel moontlik te maak. Oor watter alfabetiese statistieke van die Afrikaanse woordeskat beskik ons reeds? en wat is hul wetenskaplike waarde? ’n Antwoord hierop sal ook meteen die aard en omvang laat blyk van die taak wat ons wag.

Voor die middel van die 19e eeu reeds, nog voordat iemand ernstig daaraan gedink het om die Afrikaanse spreektaal tot skryf- en literatuurtaal te verhef, het Dr. A. N. E. Changuion ’n lysie van iets oor die vierhonderd Afrikaanse woorde opgestel as ’n „Proeve van Kaapsch Taaleigen”**. Van iemand wat nog probeer het om Nederlands in Suidafrika te herstel..... al moes hy self erken dat dit ’n vrugtelose en vergeefse poging was.... wat ons verder vertel dat sy „proeve in de Kaapstad is

(*) Henry Sweet: *The Student's Dictionary of Anglo-Saxon* (London, 1911). Preface, p.v.

(**) Sien agterin *De Nederlandsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*, ens. (Kaapstad, 1e dr. 1844, 2e dr. 1846. Oor Changuion en sy werk vgl. o.a. (a) Sarah Goldblatt in *Die Huisgenoot* van Jan. en Febr. 1919; (b) Eerw. A. Dreyer in *Die Burger* van 21 April, 1923; (c) Dr. D. F. Malherbe in *Afrikaanse Spreekwoorde* ens. (p. 2 vgg.) en (d) G. R. von Wielligh in *Ons Geselstaal* (p. 131 vgg.)

opgezameld" en selfs dan nog „onvolledig" is, wat boonop sy „onbedrevenheid" in Afrikaans bely en gevolglik ook kan beweer dat „die taal in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt", van so iemand kan ons in daardie voorletterkundige periode van Afrikaans nog g'n Afrikaanse Woordeboek verwag nie, om sy eie woorde te gebruik nog selfs g'n „Lexicon Anti-barbarum voor Zuid-Afrika" nie. Tog is dit 'n eerste „proeve" en nie sonder waarde en betekenis vir die Afrikaans leksikografie nie. Dit is merkwaardig dat, net soos voor die opkoms van die Ndl. skryftaal en aan die begin van die Ndl. leksikografiese geskiedenis wat van Jhr. Jan v. d. Werve, Plantijn en Kiliaen af dateer, daar hier in Suidafrika ook eers veral werk gemaak is van dié woorde wat as vreemd, plat en barbaars beskou word, in kort van basterwoorde. So verklaar v. d. Werve in die voorwoord van sy basterwoordeboek: „zo hebbe ik alle geschuimde woorden, die in onze Tale niet t'huys behoorden, vervolgens na d'eerste Letteren afgaande, hier gezet agter een," 'n voorbeeld gevolg deur Kiliaen in die „Appendix Peregrinarum" van sy *Etymologicum* en later nog deur Johan Hofman en Lodewijk Meyer. „Het hoofddoel van de volgende verzameling", skrywe Changuion 'n driehonderd jaar later aan die begin van sy „inleidende aanmerkingen" tot die „Proeve van Kaapsch Taaleigen", „gelijk men al dadelijk uit den titel van ons werk kan afleiden, was om het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen te zuiveren, of althans den weg daartoe aan te wijzen." Net so min as Jhr. J. v. d. Werve se *Schat der Duytscher talen* 'n versameling van die Ndl. woordeskat van sy tyd bevat, net so misleidend is in sommige opsigte die tiel van Changuion se „Proeve van Kaapsch Taaleigen" met sy verbasterde en verminkte woordvorme en vreemde woorde. Die moontlikheid om daardeur mislei te word blyk o.a. al daaruit dat verskillende van Changuion se verminkte woordvorme as die algemeen gangbare in Afrikaans geaksepteer is deur Prof. Jan te Winkel in sy artikel oor „Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika" (in *Vragen van den Dag*, 1896, XI, pp. 337, 413, 483). En tog is met Changuion se beskeie proewe 'n begin gemaak met die Afrikaanse woordversameling, die

eerste hoofstuk geopen in die geskiedenis van die Afrikaanse leksikografie..... deur 'n vreemdeling, gebore in Holland, maar afkomstig van 'n Franse Hugenate-famelië.

'n Veertig jaar later, nadat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging reeds 'n aanvang geneem het, is twee ander Hollanders besig om die Afrikaanse woordeskat te versamel: Arnoldus Pannevis en Dr. N. Mansvelt. Arnoldus Pannevis, die man wat so veel te doen gehad het met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875, het 'n lys aangelê van Afrikaanse woorde, woordvorme, woordbetekenisse en woordverbindings, 'n lys wat totnogtoe nie in druk verskyn is nie, waarvan die manuskrip aan Dr. J. D. du Toit behoort en wat by Prof. J. J. Smith berus*. Van die feiteversameling in hierdie handskrif is egter reeds gedeeltelik gebruik gemaak deur Ds. S. J. du Toit vir sy artikels oor die „Afrikaanse Taal-skat” (in *Ons Taal*, 1908, II vgg.) Aan die ander kant het Pannevis waarskynlik self van hierdie materiaal vir publikasie gebruik, want hy is vermoedelik die samesteller van 'n lys van Afrikaanse woorde wat verskyn het in *Onze Volkstaal, Tijdschrift gewijd aan de Studie der Ndl. Tongvallen* (Culemburg, 1882 vgg.), en wat onderteken is deur A. P. (Paarl). Net soos in die geval Changuionte Winkel is langs hierdie weg verminkte Afrikaanse woordvorme in Ndl. wetenskaplike werke tereg gekom, want uit die Afrikaanse woordelys van Pannevis in *Onze Volkstaal* is weer geput deur Taco H. de Beer en Dr. E. Laurillard vir hulle werk, *Woordenschat, verklaring van woorden en uitdrukkingen* ('s Gravenhage, 1908). Dit blyk o.a. daaruit dat ons in die genoemde woordelys in *Onze Volkstaal* asook in *Woordenschat* die woord *loksai* teëkom, 'n begrypelyke drukfout vir Pannevis se spelling van *lokasi*, maar minder begrypelyk in die later werk, tensy dit net so foutief oorgeneem is uit die eerste.

Van groter belang as die werk van Changuion en Pannevis, veral met die oog op die invloed wat dit op later ondersoekers gehad het, was die woordelys van Dr. N. Mansvelt: *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (Kaapstad, 1884). Deur sy groter uitvoerigheid het hierdie „proeve” dié van Changuion, wat Mansvelt boondien

(*) Vgl. daaroor Dr. D. F. Malherbe in *Afrikaanse Spreekwoorde* ens. p.

tot sy beskikking gehad het, heeltemal vervang, en so vorm Mansvelt se *Idioticon*, ten spyte van sy flagrante flaters en studentefiksie, vandag nog een van die hoekstene van ons Afrikaanse leksikografie. Aan die een kant is dit vir die kennis van die Afrikaanse woordeskat een van die hoofbronne gewees vir Europese, insonderheid Nederlandse, taalgeleerdes soos Schuchardt, Hesseling, te Winkel, van Ginneken e.a. in verband met die Afrikaanse woordelyste deur hulle versamel en verklaar, en deur Afrikaanse taalvorsers soos Dr. P. J. du Toit, Dr. D. B. Bosman en die skrywer hiervan aangevul en uitgebrei, soms ook verbeter. Verbetering van die omskrywing in Ndl. woordeboeke van woorde in die buiteland in gebruik, en dus ook van Afrikaanse woorde, is meermale nodig geblyk. Van onnoukeurighede in die omskrywing van die woordbetekenisse van sulke buitelandse woorde in die woordeboeke van ten Bruggencate, Koenen, van Dale e.a. gee Dr. F. P. H. Prick van Wely mooi voorbeelde in die Inleiding tot sy *Viertalig Aanvullend Hulpwoordenboek* (Weltevreden, 3e dr., 1910). So vind ons vandag nog, om 'n enkele voorbeeld te noem, in die vyfde druk van v. Dale se *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal* 'n *adamsvijgeboom* beskrywe as 'n „soort van banaanboom”. Die samestellers van al sulke Ndl. woordeboeke het hulle kennis van die Afrikaanse woordeskat hoofsaaklik uit Mansvelt se *Idioticon* geput, wat ook die hoofbron gewees is vir die groot *Woordenboek der Nederlandsche Taal*.

Aan die ander kant het, sedert die verskyninig van Mansvelt se *Idioticon*, so goed as alle Afrikaanse woordeboeke en woordelyste, met uitsondering van von Wielligh se werk cor *Ons Geselstaal*, direk of indirek daaruit geput. Daartoe moet dan b.v. gereken word: (1) die *Patriot Woordeboek* (Paarl, 1902), 'n resultaat en vervulling van Art. XI van die program van aksie van die Genootskap van Regte Afrikaners; (2) die *Afrikaanse Taalskat* (in *Ons Taal*, 1908, II vgg.); (3) Ndl. woordeboeke spesiaal met die oog op Suidafrika saamgestel soos (a) Elffers en Viljoen se *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika* (1908) en (b) hulle nog beknopter *English-Dutch and Dutch-English Dictionary* (1908); (4) Pettman se *Africanderisms* (1913); (5) die *Afrikaanse Woordelys* van die Akademie (1e dr. 1917, 3e 1921), en (6) ten slotte die verskillende Afrikaanse sakwoordeboeke wat almal

in 1921, die „annus mirabilis” van die Afrikaanse leksikografie, verskyn het, n.l. (a) M. S. B. Kritzinger en H. A. Steyn se *Woordeboek* (1e dr. 1921, 2e 1923 en 3e 1925), (b) T. Kriel se *Afrikaanse Woordeboekie* en (c) P. A. M. Brink en Dr. N. M. Hoogenhout se *Afrik.-Eng. en Eng.-Afrike. Sakwoordeboek*. Binnekort kan ons nog meer verwag, en volledigheidshalwe sou ons nog kan noem (7) die *Wörterbuch (Deutsch-Afrikanisch, Afrikanisch-Deutsch*, Pretoria, 1925) van H. A. Steyn, H. G. Schulze en Dr. H. Gutsche.

Daar is gedurende die afgelope driekwart eeu dus al heelwat versamel in verband met die Afrikaanse woordeboek, maar daarmee is die taak van die Afrikaanse woordeboekskryfery nog lank nie afgedaan nie. Dit is hoofsaaklik nog maar baanbrekerswerk gewees; vir ’n Standaardwoordeboek van Afrikaans is dit bloot voorbereidende arbeid. Die samestellers van die hierbo genoemde woordeboeke van Afrikaans is die eerste om dit self te erken. In die „Foorberig” van die *Patriot Woordeboek* skrywe die uitgewers: „Wat ons gé is egter ni ’n uitvoerige woordeboek ni; ons het ons toegeleg op korthyd gepaard met folledighyd, om ’n handige sakwoordeboek te kry. Daartoe kon ons ni uitdrukkinge gé ni; selfs samegestelde woorde het ons weggelaat waar di samestelling ni ’n andere betekenis kry deur di verbinding ni, of waar di samegestelde woord ni deur een woord in Engels uitgedruk word nie. Ons gé egter ongeveer 16,500 woorde, en daaronder ruim 1,100 suiwer Afrikaanse woorde, dit wil sê woorde wat in Hollans ni foorkom ni, of wat in Hollans ander betekenis het, en di gé ons met skuinse letters” (p. iii—iv). Op volledigheid word hier dus g’n aanspraak gemaak nie; omgekeerd staan hier meermale woorde opgegee as „suiwer Afrikaans” (d.i. „met skuinse letters” geskrywe) wat ook dialekties Nederlands, selfs algemeen beskaafd Nederlands, is. Ons kies maar ’n paar voorbeelde voor die hand onder die eerste twee letters, soos: *aandblommetji*, *aanpikel*, *aardig*, *bakkiis*, *bali*, *baljaar*, *bandiit*, *batji*, *bult*, *bulsak*, en so meer. Ook Kritzinger en Steyn verklaar in die voorwoord tot hulle *Woordeboek*: „Ons gee hier net die noodsaaklike. Teveel samestellinge en afleidinge kon nie opgeneem word nie. Tegniese terme en idiomatiese uitdrukkinge moes ons agterweë laat” (p. ii). By die tweede druk van hierdie werk, wat binne twee jaar na die eerste

verskyn het, was dit reeds moontlik om „in elke gedeelte plusminus 5,000 woorde in te las” (p. viii) ’n supplement dus van byna vyfmaal soveel materiaal as al die s.g. „suiwer Afrikaanse woorde” of ’n derde van die hele woordevoorraad van die *Patriot Woordeboek*. En ten slotte verklaar ook Brink en Hoogenhout: „Vir ’n woordeboek, waarin ruim voorsiening gemaak word vir die opname van idiomatiese uitdrukkinge en sinswendinge, bly die opening dus nog altyd bestaan”. Die sakwoordeboekie van Kriel is te beskeie van aard en omvang om met die oog op volledigheid in aanmerking te kom.

In verband met die verskillende versameling van die Afrikaanse woordeskat het ons totnogtoe in hoofsaak te doen gehad a) met die werk van Hollanders met ’n onvoldoende kennis van Afrikaans, sodat volledigheid en noukeurigheid „a priori” uitgesluit was, en (b) met die werk van Afrikaners met ’n dikwels onvoldoende kennis van Nederlands, veral van die dialekties geskakeerde vorme daarvan, sodat vir Afrikaans aangesien is wat ook Nederlands is, of met die werk van Afrikaners wat uit die aard van die saak minder volledige sakwoordeboeke van Afrikaans samegestel het met die oog meer op die praktiese gebruik as op die wetenskaplike volledigheid en betroubaarheid daarvan (vgl. *Volk en Taal*, I § 5 p. 88 vgg. en V p. 425 vgg.).

So het ons in enkele trekke die Afrikaanse leksikografiese genealogie geskets, en in die algemeen die gebreke aangedui wat uit ’n sodanige historiese stamboom of uit die praktiese doel van die woordeboeke self moes volg. Uit ’n opsomming van die tekortkominge van die bogenoemde werke volg ook vanself die eise wat ons aan ’n Standaardwoordeboek van Afrikaans stel, asook die omvang en aard van die taak waarvoor die samestellers daarvan staan:-

I. Kenmerkend vir al die genoemde werke is die onvolledigheid van die versamelde materiaal. Om groter volledigheid te bereik moet o.a. (1) alle tegniese terme versamel word, en daarvoor alleen al sal ’n groot aantal vakmanne moet geraadpleeg word, terwyl baie tegniese terme in Afrikaans feitlik vandag eers gemaak of nog moet gemaak word. Die verdienstelike werk van die Vlaamse Akademie in hierdie verband moet ons cortuig van wat ons nog in Afrikaans te doen staan op hierdie gebied. (2) Teenoor die tegniese wetenskaplike terme

staan die populêre terme of volksname vir plante en diere, siektes en medisyne, gereedskappe en instrumente, arbeid en bygeloof, natuurverskynsels en industriële produkte ens. 'n ruim gebied vir die insameling van woordmateriaal. (3) Die dialektiese of gewestelike gebruik van woorde moet bestudeer word met die oog op (a) die woorde self, (b) hul vorme, (c) hul funksies, en (d) hul betekenis. Hier is ten opsigte van Afrikaans nog 'n onontgonne terrein waarop G. R. von Wielligh met *Ons Geselstaal* nog maar die eerste onvaste vore getrek het, en ook op hierdie gebied kan die werk van die Vlaamse Akademie vir ons 'n aanduiding wees van wat ons in die Afrikaanse taalstudie nog wag. (4) Ook die algemeen beskaafde Afrikaanse spreektaal moet nog noukeurig waargeneem word met die oog veral op woordfunksies en woordgebruik. Selfs op hierdie min of meer bekende terrein maak Afrikaanse taalvorsers nog dageliks ontdekkings en vind hul nog steeds "missing links", waaroor in die taalkundige wêreld egter minder ophef gemaak word as oor die twyfelagtige een van Taungs. (5) Die Afrikaanse literatuur, wat nou reeds meer as 'n halwe eeu van historiese ontwikkeling agter die rug het, moet ook gelees en bestudeer word met die oog op (a) individuele, (b) literêre, en (c) gewestelike taalgebruik. In 'n Groot Woordeboek van Afrikaans moet al sulke bewysplekke uit die literatuur aangehaal word; in 'n minder omvangryke Standaardwoordeboek is dit miskien nog nie nodig nie. Dit is min of meer ook die suggestie gewees van Dr. D. B. Bosman wat in *Die Burger* van 20 Augustus, 1924, reeds enkele praktiese wenke aan die hand gegee het vir die bewerking en samestelling van „'n beknopte maar gesaghebbende Afrikaanse woordeboek" as 'n voorlopige werk en grondslag vir 'n Groot Woordeboek van Afrikaans wat later kan tot stand gebring word. Ons kan hier op die kwessie van die verskil tussen 'n Groot Woordeboek en 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans nie verder ingaan nie as om net daarop te wys dat die eerste alles bevat wat in die tweede voorkom, maar nog meer uitgebreid is. Dit moet boonop met uitvoerige sitate uit die literatuur so ver moontlik 'n behoorlike gedokumenteerde fonologiese en semantiese geskiedenis van elke woord vaslê. (6) Ten slotte moet in 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans al die bekende samestellinge en afleidinge (met hul betekenis en funksies) aangeteken en opgeneem word. wat

'n aansienlike uitbreiding van die bestaande versamelingsal beteken. Die leksikaliëse materiaal van ons sakwoordeboeke kan op dié manier moontlik meer as verdubbel word.

II. Totnogtoe is in g'n enkele woordelys of woordeboek van Afrikaans 'n poging aangewend om die uitspraak van woorde volgens 'n wetenskaplike metode aan te dui nie. Dit is wenslik dat in 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans die uitspraak van woorde met behulp van 'n eenvoudige en algemeen verstaanbare fonetiese transkripsie of andersins aangedui word. Vir die bevordering van 'n norm of standaard van korrektheid in uitspraak is dit noodsaaklik om die bestaande algemeen beskaafde uitspraak aan te dui en waar moontlik van die dialektiese te differensiëer terwille van (a) vreemdelinge wat die taal moet aanleer, veral in 'n tweetalige land soos Suidafrika; (b) maar ook vir dialekt-sprekers wat in hulle uitspraak gewestelike afwykinge vertoon, en (c) selfs vir beskaafdes in verband met enkele tegniese terme en vreemde woorde. Om te beslis wat algemeen beskaafd is in uitspraak is op sigself al 'n moeilike taak. Daar is maar net een wetenskaplik gesonde weg, en dié is al 'n driekwart eeu gelede aangewys deur Dr. M. de Vries en neergelê in sy opmerking: „Waarneming alleen, juiste, scherpe, onbevooroordeelde waarneming der levende taal zij de leuze. Zij is de eenige onbedriegelijke; van haar alleen mag de wetenschap vooruitgang en bloei verwachten” (*De Nederlandsche Taalkunde in haren aard en hare strekking*, Haarlem, 1853, p. 35). Afgesien van die moeilikheid om oor kwessies van beskaafde uitspraak te beslis en om die aangenome standaard foneties of andersins aan te dui, bestaan daar nog die praktiese behoefte aan 'n logies konsekwente spellingreëling, want dié van dié Akademie laat daaraan nog baie te wense oor. Dit sou baie maklik wees om dit met voorbeelde aan te dui, maar daarop kan ek hier nie ingaan nie.

III. G'n enkele van die genoemde woordeboeke of werke het ook maar met enige uitvoerigheid of volledigheid 'n poging aangewend om die woordgebruik te behandel in verband met spreekwoordelike, idiomatiese of sintaktiese vorme in die algemeen nie. En dit is noodsaaklik, nie alleen vir ons kennis van die sintaksis nie, maar ook van die semantiek, 'n baie essensiële gedeelte van 'n woordeboek. Daarvoor staan vandag in die eerste plek tot ons beskikking: (1) *Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyse* deur P. J. Hoogenhout en J. J. A. Schoeman (Kaapstad,

1920); (2) *Afrikaanse Spreekwoorde* deur A. M. M. de Villiers, M. S. B. Kritzinger en E. J. Pienaar (Pretoria, 1922); (3) *Oor die Afrikaanse Sintaksis* deur Dr. J. J. le Roux (Amsterdam, 1923); (4) *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* deur Dr. D. F. Malherbe (Bloemfontein, 1924), en (5) *Ons Geselstaal* deur G. R. von Wielligh (Pretoria, 1925). Maar ons moet ook op hierdie gebied al dadelik weer oortuig wees van die ontoereikendheid van ons bronne, waar Dr. D. F. Malherbe, die skrywer van die verdienstelikste en volledigste van al ons spreekwoordeboeke, self verklaar:- „Wie op die terrein van 'n volk se spreekwoordeskat werksaam is, moet by alle waters drink: by die wye see van die lewende volkspraak, by riviere en spruite, by die fonteine en syferplekke van die volk se verre verlede, sowel as by enige ander stroom of bron wat die wydvertakte wetenskap tot sy beskikking stel. Om dié rede, sowel as weens die feit dat hy uitgaan van die menigvuldig geskakeerde volkspraak wat gedurig verander, sal sy taak nooit afgedaan wees nie, soos trouens alle leksikografiese arbeid om verbetering en aanvulling roep. En waar ek insig wil verskaf aangaande ontstaan en groei van ons spreekwoorde en uitdrukkinge, was dit nie my bedoeling om meer as 'n seker gedeelte van die groot voorraad te bewerk nie, anders sou meer as een boekdeël nodig gewees het” (p. iii). Ook in hierdie verband sal vir 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans die literatuur nog moet bestudeer en die spreektaal beluister word.

IV. Dan bly daar nog die moeilike werk van die etimologieë, woordafleidinge of woordverklaringe. Hoewel 'n hele reeks taalgeleerdes, van Changuion af tot aan vandag toe, hul met die etimologieë van Afrikaanse woorde besig gehou het, bly 'n Etimologiese Woordeboek van Afrikaans tot op die huidige dag nog 'n „desideratum”. En ons verkeer nog gedeeltelik of geheel in die duister omtrent die herkoms van talle van doodgewone woorde in Afrikaans (om van minder gewone nie te praat nie), soos in die volgende gevalle: *aitsa*, *bolmakiesie*, *dolos*, *dopper*, *eina*, *geitjie*, *hittete*, *hêtêtê*, *kammakastig*, *kammalielies*, *kar-katjie*, *keil*, *kennetjie*, *maaifoedie*, *manel*, *otjie*, *outa*, *paaboelie*, *platanna*, *poenskop*, *rondawel*, *siembamba*, (niks) *tampa(s)*, *tiekie*, *toiings* ens. 'n lysie wat nog aanmerklik kan uitgebrei word. Voor watter moeilikhede en probleme die etimoloog in sulke gevalle staan, kan ten slotte die vakman alleen besef.

Om 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans te lewer wat aan al die hierbo gestelde leksikaliëse, fonetiese, semantiese, sintaktiese en etimologiese eise sal voldoen, is nie die werk van een dag, selfs nie van een jaar nie, ten spyte van al die voorbereidende werk wat gedurende die afgelope driekwart eeu gelewer is en wat vandag tot ons beskikking staan. Gedurende die eersvolgende jare sal hierdie ideaal dan ook seker net benader word, nie bereik nie. Dit is selfs te betwyfel of dit ooit in absolute sin kan bereik word. Maar aan die ander kant word tereg deur Dr. F. P. H. Prick van Wely opgemerk: „Het volmaakte is hier natuurlik nooit te bereiken en word nie geveerd ook. Waar een Murray met over de duizend medewerkers nog door een enkeling als Dr. C. Stoffel op leemten moet gewees worden, is iedere woordenboekschrijver te verontschuldigen” (t.a.p. vii). 'n Vergelyking tussen die praktiese resultaat en die vooropgestelde idiaal in die inleiding tot die groot *Woordenboek der Nederlandsche Taal* leer ons dieselfde, maar gee ons ook tegelyk die moed om 'n werk aan te pak waarby „het volmaakte. . . . nooit te bereiken is”. En tog ontslaan dit die samestellers van so'n woordeboek nie van die plig om die werk degelik te doen nie. Hier word opsetlik van „samestellers” gepraat, want uit die omvang en aard van so'n onderneming moet dit vir ons oortuigend duidelik geword het dat dit nie die taak is van een man nie. Verskillende taalgeleerdes, sover moontlik verteenwoordigend van die verskillende gedeeltes van ons land, wat deur sy geografiese uitgebreidheid al vanself enkele van die hierbo geformuleerde probleme aksentueer, moet daartoe met verenigde kragte saamwerk op 'n behoorlike wetenskaplike basis van arbeidverdeling. Miskien is in so'n geval 'n verdeling volgens die letterbasis nog die aanneemlikste vanuit 'n praktiese sowel as 'n wetenskaplike oogpunt beskou.

En dat daar vandag met die oog op ons taalstudie en taalonderwys, met die oog op wetgewing en Bybelvertaling, met die oog op ons literatuur en hele Afrikaanse kultuurlewe 'n ernstige behoefte aan so'n Standaardwoordeboek van Afrikaans bestaan, ly nie die minste twyfel nie. Dit is dus 'n nasionale behoefte, 'n kulturele eis; daarom moet die onderneming ook 'n nasionale taak, die resultaat 'n kulturele prestasie wees. Daarmee is teweens erken dat dit 'n uiters moeilike onderneming is, 'n werk nie van een dag en nie van een man nie, 'n volksaak wat hoë wetenskaplike eise aan die samestellers stel, maar wat

ook nasionale offervaardigheid en groothartigheid van ons volk eis. So'n Standaardwoordeboek van Afrikaans moet vir ons taalkennis wees, wat die Afrikaanse Bybelvertaling vir die godsdienstige lewe van ons volk beteken, 'n gesaghebbende, betroubare en verstaanbare vraagbaak, nie 'n ontoeganklike geslote boek nie. Dit is 'n saak waarby skool en kerk, uniwersiteit en staat, kuns en wetenskap, in kort ons hele Afrikaanse kultuurlewe belang het.

Hierdie groot volksaak is dan ook ernstig opgevat en bepleit deur die verskillende Hollands-Afrikaanse persorgane in ons land, asook deur die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. *De Volkstem* van 7 Aug., 1924, het reeds in 'n, na ons verneem van elders geïnspireerde, artikel die saak bepleit van (a) die uitgee van 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans, en (b) die verlening van staatsubsidie aan die onderneming. En *Die Burger* van 16 Aug. 1924, het daarop instemmend gereageer. Daarentrent skrywe gemelde blad o.a.: „Ons begryp dat dit geen werk is wat met 'n draai van die hand of selfs as gevolg van 'n ministeriële besluit in 'n jaar of wat kan tot stand gebring word nie. Maar daarom is dit so belangrik dat daar sonder versuim 'n aanvang mee gemaak word”. En verder lui dit: „En daarom wil ons in hierdie kolomme met die meeste nadruk bepleit dat daar besprekings moet gevoer en samewerking verkry word ten einde so gou as moontlik die hand aan die ploeg te slaan. Veral moet daar nadruk op die samewerking gelê word, omdat ons vrees dat daar teenswoordig, ondanks ons gebrek aan geskoolde kragte, maar alte dikwels versnippering van wetenskaplike arbeid plaasvind”. Die pleidooie van genoemde persorgane het orals weerklank gevind en reeds in *Die Burger* van 20 Aug. 1924, het Dr. D. B. Bosman, soos reeds vermeld, enkele praktiese wenke aan die hand gegee vir die samestelling van so'n woordeboek. Op 3 Sept. 1924, is daar op 'n vergadering van die Akademie-raad 'n bespreking oor die kwessie gewees (Sien *Bulletin* 13 van 1924), en as 'n gevolg daarvan is nog op dieselfde dag onderstaande brief aan die Eerste Minister gerig:-
Aan die Weledelgestrenghe heer

Genl. J. B. M. Hertzog,
Eerste Minister,
Pretoria.

Weledelgestrenghe heer,

Ondergetekende lede en Sekretaris van die Suidafrik. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, neem die vryheid om met verskuldigde eerbied die volgende aan die aandag van Uedgestr. te onderwerp:

In kringe waar liefde en toewyding vir die Hollands-Afrikaanse Lettere gevoel en onderhou word, is die oortuiging ontstaan dat die tyd gekom het vir die samestelling en publikasie van 'n werk, wat die woordeskat van ons Afrikaans op wetenskaplike manier sal boekstaaf.

Hierdie oortuiging word van harte gedeel deur die Raad van die Akademie, hierbowe genoem, en dit het ook in die toonaangewende Hollandse persorgane byval gevind.

Aangesien die taal 'n organisme is, wat voortdurend aan verandering onderhewig is, en aangesien die fase wat vandag deur die Afrikaanse Taal bereik is, 'n fase van manbaarheidsontwikkeling genoem kan word, bring die Afrikaanse taalbelange dit mee om nie langer die samestelling van so'n Woordeboek uit te stel nie.

Die Suidafrikaanse Akademie voornoem tel onder sy lede letterkundiges in alle dele van onse Unie, en het alreeds nuttige arbeid verrig op die gebied van spelling en taalstudie. Die Akademie stel daar prys op om medewerking te verleen by die totstandkoming van so'n Woordeboek en die hande te sterk van diegenes wat tyd en denkersjies in verband daarmee bestee het. Die simpatieke medewerking van die Akademie kan nie anders dan die samesteller of samestellers van die Woordesboek tengerode kom.

Mag UEdelgestrenges Regering bereid wees om onontbeerlike steun te verleen aan die samestelling en publikasie van die Woordesboek, dan stel die Akademieraad sig volgaarne beskikbaar om oorlog te pleeg met UEdelgestrenges Regering, teneinde die sukses van die Woordesboek te help verseker, altans bevorder, en die uitgawe daarvan te help bespoedig.

Met eerbiedige groet noem ondergetekendes hul gaarne van UEdelgestrenges,

die dienswillige dienare,

Raad en Sekretaris van die Suidafr. Akademie
vir Taal, Lettere en Kuns.

Daarop is van die kantoor van die Eerste Minister, Pretoria, onder datum 13 September, 1924, die volgende antwoord ontvang:-

Waarde Heer,

In antwoord op U brief van 3 September wens Generaal Hertzog my U mee te deel dat hy ten volle die wenslikheid en noodsaaklikheid van die uitgee van 'n degelike wetenskaplik teboekgestelde woordeboek in Afrikaans beseft en U kan in enige onderneming in die deur U aangestipte rigting op sy persoonlike simpatie en steun reken.

Wat Staats-ondersteuning vir die publikasie egter betref, word 'n heel ander beginsel in die lewe geroep wat delikate behandeling vereis en daar die saak Departementeel meer by Dr. Malan, Minister van Binnelandse Sake, tuis hoort, wens Generaal Hertzog my u brief naar sy Kollega te verwys vir oorweging en afhandeling.

Ek het die eer my te noem,

U dw. dnr.,

(get.) D. STEYN,

Privaat Sekretaris.

Oor die behoefte aan en die wenslikheid van die samestelling van so'n woordeboek was daar dus blykbaar g'n meningsverskille nie; die verskillende persorgane, die Akademiesraad, die Eerste Minister en ander gesaghebbende persone was dit mekaar daarvoor eens. Oor die kwessie van staatsubsidie en die „modus operandi” in verband met die onderneming was daar intendeel minder eenstemmigheid. Uit die brief van die Eerste Minister het geblyk dat hy hom in verband met die kwessie van staats-ondersteuning in elk geval nie wou kompromitteer nie. Ander persone het nog verder gegaan. Mnr. C. J. van Rijn het b.v. in *De Volkstem* van 19 Sept. 1924, sodanige staatsubsidie aan die onderneming heeltemal afgekeur.

Die Daelikse Bestuur van die Akademie wou die saak in elk geval nie laat rus nie en het die aangebode dienste van die Akademiesraad opnuut onder die aandag van die Minister van Onderwys gebring in die volgende brief, onder datum 29 Sept. 1924:-

Die Weledgestr. heer,

Dr. D. F. Malan,

Minister van Onderwys,
Pretoria.

Hooggeagte Doctor Malan,

In verband met my offisiële brief aan Uedg. insake die Afrikaanse Woordeboek, wou ek Ued. langs hierdie weg, ook namens die Voorsitter van onse Akademie, dr. Engelenburg, die versekering aanbied van onse bereidvaardigheid om, ingeval U dit nodig ag, U van enige verdere inligting te dien insake die voorstel wat ons aan die Regering gedaan het en wat tans na Uedg. verwys word.

Met die betuiging van my hoogagting,

u dienswillige dienaar,

(w.g.) G. S. PRELLER,
Skr. S.A. Akademie.

Op 'n vergadering van die Akademieraad op 31 Okt. 1924 word die kwessie andermaal aanhangig gemaak en besluit dat die Daelikse Bestuur saam met Dr. T. H. le Roux die Minister moet gaan sien oor die saak (Sien *Bulletin* 14 van 1924). Dat daar ooit so'n onderhoud plaasgevind net, is my uit die offisiële informasie van die Akademie, soos gepubliseer in die verskillende *Bulletins*, nie geblyk nie. Aan wie die skuld lê of waaraan dit te wyte is, moet ek voorlopig onbeantwoord laat. Dat daar in elk geval g'n vordering gemaak is nie, blyk uit die feit dat die Akademieraad in sy vergadering van 9 Febr. 1925 weer op die saak terug gekom het. By dié geleentheid het die Daelikse Bestuur verwys na die verskillende poginge van die Akademie om sy dienste in belang van die saak beskikbaar te stel en dit betreur dat g'n definitiewe resultate bereik was nie. Verder is daar op genoemde vergadering 'n brief voorgelees van Dr. E. C. Pienaar, waaruit o.a. geblyk is (a) sy belangstelling in die saak en (b) sy veronderstelling as Akademielid dat die Akademie aktief moes optree in verband met die samestelling van die woordeboek. Na 'n bespreking van die hele kwessie is aan my opgedra om in 'n volgende nommer van die *Bulletin* 'n stuk te skry-

we oor die samestelling en publikasie van 'n Standaard-woordeboek van Afrikaans, en vir dié doel is tot my beskikking gestel die briefwisseling van die Akademie, eers met die Eerste Minister en later met die Minister van Onderwys en Binnelandse Sake (Sien *Bulletin* 15 van 1925). Op die Raadsvergadering van die Akademie op 26 Junie, 1925, is op hierdie opdrag nog weer 'n keer terug gekom en het die Sekretaris meegedeel „dat die artikel nog nie gematerialiseer het nie” (Sien *Bulletin* 17 van 1925.)

Die propaganda van die persorgane en die aanbod van die Akademie het egter g'n definitiewe resultaat gehad nie, totdat die Komitee uit die Parlement en die Senaat wat benoem was om ondersoek in te stel na die wenslikheid van Afrikaans instede van Nederlands te gebruik in wette, wetsontwerpe en ander amptelike stukke van die Parlement, o.á. aanbeveel het dat die Regering die wenslikheid sal oorweeg om voorsiening te maak vir 'n geldelike toelaag aan die persoon of firma wat tot bevrediging van die Regering die samestelling van 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans sou onderneem (Sien *Die Burger* van 21 Maart, 1925). Die verslag van die Gesamelike Komitee is op 20 Maart, 1925, in die Senaat ingedien, en die volledige teks daarvan is te vind in *Bulletin* 16 van 1925. Daarmee was 'n nuwe fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die kwessie geskep, en dadelik het die Daelikse Bestuur van die Akademie daarop gereageer deur die volgende brief aan die Minister van Onderwys en Binnelandse Sake te rig, d.d. 24 Maart:-

Wel Edel Gestrenge Heer,

'n Parlements-Komitee het onlangs besluit om aan te beveel dat die H.Ed. Regering die wenslikheid sal oorweeg om voorsiening te maak vir 'n subsidie aan sodanige persoon of firma, wat op bevredigende wyse die saamstelling van 'n Standaard Afrikaanse Woordeboek sal onderneem.

As voorsitter van die S.A. Akademie vir T., L. en Kuns het ek die eer om U Edel Gestr.'s welwillende aandag te vra vir die navolgende punte:-

1ste. Die Akademie voornoemd is nie onmiddellik geïnteresseer nie in die persoon of firma, wat 'n Standaard-Afrikaanse Woordeboek sal druk of uitgee, en is oortuig dat die H.Ed. Regering 'n goeie keus sal doen, wat betref hierdie aspek op die saak.

2de. Die Akademie is egter wel geïnteresseer in die wetenskaplike en linguïstiese aspek op die saamstelling van so'n boek en het in die verleë al blyk gegee van ernstige wil en suksesvolle bedrywigheid by die bevordering van Afrikaanse taalbelange.

3de. Die Akademie-Raad het die Woordeboek-kwessie grondig oorweeg; en ingevolge opdrag van die Raad het ek in 'n vorige brief alreeds aan U Edel. Gestr. die opienie van die Raad kenbaar gemaak, ten effekte dat die intellektuele voortbrenging van die Woordeboek nie die werk sal wees van één persoon of firma nie, maar die vrug moet word van die kooperatiewe oordenking en gesamelike konklusies van soveel moontlik van Suid-Afrika's gesaghebbende taal- en letterkundiges.

4de. En aangesien verskeie van die deskundiges aktiewe lede is van die Akademie, ag ek dit my plig en voorreg om die dienste van die Akademie wat betref die tegniese taal-arbeid, aan die toekomstige Woordeboek verbonde, ter beskikking te stel van die H.Ed. Regering, ingeval die aanbeveling van die Parlements-Kommissie mag uitgevoer word.

Ontvang, Wel Edel Gestr. Heer, die versekering van die eerbiedige konsiderasie van

U gehoorsame dienaar,

(w.g.) F. V. ENGELENBURG,
Voorsitter: Akademie.

Namens Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake is daarop van Kaapstad af onder datum 31 Maart, 1925, onderstaande antwoord tot die Voorsitter gerig:-

Waarde Heer,

Ek is gelas deur die Minister van Binnelandse Sake om die ontvangs van u brief van 24 deser met betrekking tot 'n Standaard Afrikaanse Woordeboek te erken.

In antwoord wil Dr. Malan dat ek u moet kerig dat daar nog niks besluit is met betrekking tot die wyse waarop die werk in verband met 'n wetenskaplike woordeboek sal uitgevoer word; maar hy besef ten volle dat die nodige waarborg daar moet wees dat die werk gedaan sal word met die nodige deeglikheid en wetenskappelikheid. Die

Minister is besig op die oomblik om te oorweeg wat die besondere waarborg daarvoor sal wees en hy is bly en dankbaar om te verneem dat die Suidafrikaanse Akademie sowel as ander wetenskaplike en uniwersitêre kringe bereid is om hulle dienste sover dit nodig mag wees tot beskikking te stel vir die beoogde doel.

Voordat finaal reëlings getref word, sal Dr. Malan sig weer in kommunikasie met die Akademie stel.

Hoogagtend,

Die uwe,

(w.g.) W. NORVAL,
Privaat Sekretaris.

Al twee hierdie briewe is te vind in *Bulletin* 16 van 1925. Op grond van die hierbo meegedeelde korrespondensie sou 'n mens konkludeer dat die aangewese en aangenome „modus operandi” was, dat die Regering of die Minister van Binnelandse Sake die verskillende Uniwersiteite, as die setels van die wetenskaplike beoefening van die Afrikaanse taalstudie, sou nader om die nodige samewerking op 'n wetenskaplike basis te verkry, terwyl ook die dienste sou ingeroep word, wat reeds herhaaldelik vrywilliglik aangebied was, van 'n offisiële erkende liggaam soos die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Dat daar aan die „uniwersitêre kringe” nie so'n oproep gerig is nie, is begrypelijk, omdat daar van hierdie kant g'n offisiële aanbod van hulp gedaan is nie, en omdat dit om praktiese redes moeilik is om aan die verskillende Uniwersiteite so'n oproep te rig. Dat dit nie gedaan is nie, is verstaanbaar; of dit ook verskoonbaar is, moet ek voorlopig onbeantwoord laat. In die geval van die Akademie was die posisie anders; daar was werklik hulp aangebied, selfs herhaalde male, en in beginsel ook geaksepteer, daar was 'n definitiewe belofte vir 'n verder konsultasie, terwyl 'n offisiële raadpleging in hierdie geval boonop byna vanselfsprekend was uit die aard van die stigting van die Akademie self. Reeds by die ontstaan van die Akademie, waarvan die teenswoordige Minister van Onderwys en Binnelandse Sake 'n mede-oprichter was, is besluit dat dit 'n liggaam moes wees „dat 't gehele land zal verteenwoordigen, dat beide vorme van 't Hollands sympatiek zal behandel, dat met zake-

kennis zal kunnen decidéren over taal- en letterkundige verskilpunten en dat 'n *algemeen erkend gezag zal hebben waar er met de universiteit of de regering moet worden onderhandeld*" (Sien die Akademie se offisiële *Jaarboek I*, 1910, p. 7. Ek kursiveer). As hierdie besluit vir die oprigters van die Akademie 'n saak van erns was, as die verlening van regs persoonlikheid aan die Akademie (Sien die Akademiewet in *Bulletin 2* van 1923) vir die Regering nie 'n blote formule was nie, as al die briefwisseling en beloftes hierbo bespreek iets beteken het, dan is alles wat na 31 Maart met betrekking tot die kwessie plaasgevind het vir ons onverklaarbaar. Vir die praktiese, doeltreffende en suksesvolle uitvoering van hierdie nasionale taak om 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans saam te stel en uit te gee is drie dinge nodig: (a) staatsubsidie, (b) 'n waarborg van wetenskaplike deeglikheid, en (c) die samewerking van die taalkundig geskoolde kragte in ons land. Oor die kwessie van staatsondersteuning aan die onderneming bestaan vandag blykbaar g'n meningsverskille meer nie; dit is deur die Regering toegesê, alleen weet ons nog nie op watter basis en onder watter voorwaardes nie. Die hulp van die Akademie en die medewerking van die Uniwersiteite om die nodige waarborg van wetenskaplike deeglikheid te verseker is tot vandag toe nog nie offisiël ingeroep nie, en daar is ook g'n aanduiding dat daar 'n plan bestaan om dit te doen nie. Ek moet dit opmaak uit die antwoord van die Minister van Onderwys en Binnelandse Sake aan Adv. Swart, L.V. (Ladybrand) op 'n interpellasie oor die kwessie in die Parlement op Dinsdag, 9 Febr. 1926. Adv. Swart het die Minister gevra:

„Of hy bereid is om die Raad inligting te gee oor die voorgestelde uitgawe van 'n Afrikaanse Woordeboek met geldelike ondersteuning van die Staat, wat betref:-

(a) raadpleging met die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns;

(b) aanstelling van 'n redaksie en die stappe wat gedoen is om die medewerking te kry van die verskillende Afrikaanse taalgeleerdes aan uniwersiteite en elders; en

(c) enige ooreenkoms met uitgewers betreffende kopieregte, ens.”

Daarop was die Minister se antwoord:-

„(a) Die redaksie sal soveel moontlik met die Aka-


demie in voeling bly en sal sy advies altyd op prys stel. Dié hoofredakteur, prof. J. J. Smith, wat nie alleen 'n lid van die Akademie is nie, maar ook lid van die Taalkommissie van die Akademie en een van die drie oorspronklike samestellers van die Akademie-woordelys, het op die jongste vergadering van die Akademie die lede in kennis gestel met die werkplan en het ook die aktiewe medewerking verseker van die vernaamste taalkundiges wat lede van die Akademie is. Dit is ook aan die hoofredakteur opgedra om op elke jaarvergadering van die Akademie 'n kort verslag van die vordering van die werk in te dien.

(b) Die ondervinding van ander lande in verband met die samestelling van groot woordeboeke, en die Suidafrikaanse ervaring met die Akademiewoordelys, wat op talryke plekke gebrek aan eenheid toon, het die Regering laat besluit om een hoofredakteur aan te stel wat vir die organisasie en behoorlike eenheid van die werk verantwoordelik sal wees. Die medewerkers van laasgenoemde sal dan ook uit verskillende dele van die Unie gekies word. Om al die Afrikaanse taalgeleerdes sonder uitsondering te laat saamwerk is, om praktiese redes, onmoontlik.

(c) Daar die Regering die samestelling en uitgawe van die woordeboek self nie kan onderneem nie, en daar die samestelling en druk van so'n werk uit die aard van die saak baie kosbaar is, het hy besluit om by voorkeur aan 'n uitgewer 'n subsidie toe te ken, ten einde te verseker dat die werk teen 'n vooraf vasgestelde prys binne die bereik van die publiek sal kom. Onder die omstandighede kan die Regering nie verwag word om oor die volle kopiereg te beskik nie. Wanneer die ooreenkoms geteken is, sal daarvan 'n afskrif op die tafel gelê word." (Sien *Die Burger* van 10 Febr., 1926.)

Van met die Akademie raadpleeg is hier dus g'n sprake nie, alleen van „in voeling bly” met genoemde liggaam. Of die Akademie dan ook enige seggingskap in verband met die kwessie sal hê, moet betwyfel word. Die bestaansreg van hierdie liggaam het ten gevolge van die besproke Ministeriële behandeling m.i. 'n ernstige knak gekry en daar is g'n rede waarom dit nie sal ontbind word nie, na al die werk wat dit in verband met die spellinggreëling gedaan het en wat totnogtoe offisiël erken is. Wat die

medewerking van die verskillende taalgeleerdes aan ons Uniwersiteite en elders betref, hoop ek dat ons Uniwersiteite, wanneer hulle daartoe versoek word, bereid sal wees om desnoods enkele manne vir dié doel tydelik van hulle gewone professorale pligte los te maak, nes die verskillende Kerke en ander liggame gedaan het in belang van die Afrikaanse Bybelvertaling. Ek hoop verder dat dit nog moontlik sal blyk om in belang van die saak 'n vir alle partye bevredigende reëling te tref. Prof. J. J. Smith wat tot hoofredakteur benoem is en vir dié doel drie jaar verlof verkry het van die Uniwersiteit van Stellenbosch, is seker die aangewese man vir dié werk, maar of dit vir hom moontlik sal wees om alleen dié reusetaak te onderneem en tot 'n suksesvolle uitvoering te bring, selfs in die drie jaar wat hy uitsluitelik daarvoor tot sy beskikking het, moet ernstig betwyfel word. Daarom bly die wenslikheid van samewerking nog bestaan, en Prof. Smith beseft dit ongetwyfeld ten volle. As hierdie artikel iets kan bydra om die praktiese reëling en die suksesvolle uitvoering van 'n saak van so'n nasionaal-kulturele belang as die samestelling en publikasie van 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans nader aan verwesenliking en op 'n bevredigende basis te bring, dan sal ek dit 'n gelukkige en goedgebeloonde poging ag.



HOOFSTUK IV.

ISMES IN AFRIKAANS.

Deur Dr. J. J. LE ROUX.

INLEIDING.

DEFINIESIES.

ISME is 'n agtervoegsel van Griekse oorsprong wat in die taalwetenskap aangewend word om 'n meer algemene of 'n meer beperkte betekenis aan woorde te gee. In die meer algemene betekenis is 'n Anglisisme, Gallisisme, Germanisme, ens., „'n woord of uitdrukking wat na die model van Engelse, Franse, Duitse, ens. woorde of uitdrukkinge gevorm is, of uit een van dié tale oorge- neem is.” In die meer beperkte betekenis is sulke ismes (na die definiesie van Prof. J. W. Muller), „woorde en uitdrukkinge wat uiterlik, d.i. in klank en (buigings)- vorm inheems, maar innerlik, d.i. in woordvorming en woordvoeging, maar veral in betekenis, skakering, gevoels- waarde en kleur uitheems is. In hierdie opstel word die woord in die algemene betekenis gebruik, maar waar die verband dit nodig maak word onderskei tussen *leenwoorde* of *-uitdrukkinge* (*basterwoorde* of *-uitdrukkinge*) aan die een kant en *barbarismes*, of inheemse woorde en uitdrukkinge met 'n ontleende innerlike, aan die ander kant.

HOE KINDERS DIE MOEDERTAAL LEER.

Die ontstaan en lewensgeskiedenis van sulke leengoed, wil ek verduidelik deur te begin met 'n oorsig van die

manier waarop ons ons eie moedertaal leer. Ons moedertaal, dit is die taal wat ons erwe en oorneem van ons ouers en omgewing—waarin die moeder alleen in die eerste jare die hoofrol speel—om ons aan dié omgewing verstaanbaar te kan maak. Dis 'n proses, hierdie, waarvan die kind hom nouliks bewus is, maar wat nogtans besonder ingewikkeld is. Bemiddelaars is, behalwe die jonge gees van die kind, sy gehoors-, gesigs- en tasorgane.

DIE OOR.

Deur middel van sy oor vang hy die geluide van sy omgewing op, wat dan langs die sensuiewe wat daarvoor dien, meegedeel word aan die harsingselle, waar hulle 'n indruk nalaat en weer as herinneringsbeelde te voorskyn kan geroep word. Maar hy is nie tevrede met alleen die klanke te hoor nie: Hy wil hulle ook self nasê, en na baie mislukte pogings kry hy dit ook reg. Elke mislukte en gelukte poging om die spraakorgane so te beweeg dat hulle die verlangde klank sal voortbring, laat egter weer 'n indruk op die harsingselle na wat op sy beurt as herinneringsbeeld te voorskyn geroep kan word. En so beskik hy gou oor 'n groot aantal gehoors- en motoriese herinneringsbeelde wat hom verder help in sy pogings om die moedertaal aan te leer.

DIE OOG.

Daarnaas kom ook sy oë hom te hulp. Hulle vang die gebare van ouer lede van die samelewing op, en deel die boodskap mee aan die harsings. Ook die gebare word gou geïmiteer en later, as hy gaan leer lees en skrywe, word die rol van die oog nog belangriker. As skildwag staan hy aan die poort van die harsingskasteel en telegrafeer iedere letterbeeldjie wat hy waarneem getrou na binne toe, waar die fotografie bewaar word en later as herinneringsbeeld te voorskyn kan kom. Daar word die gesigsbeelde ook verbind met gehoorsbeelde en geassosieer met begrippe. En as die kind dan self gaan skrywe, tree ook nog die motoriese beelde wat die beweginge wat die skrywende hand in die harsings nalaat, tot die geselskap toe.

DIE GEES.

Hoe oneindig veel het die gees nie te doen by hierdie proses van die aanleer en gebruik van die taal nie!* Al die beelde wat die oor, die oog, die motoriese beweginge, aanbring moet hy registreer, kombineer, en wanneer dit nodig word, opwek uit hulle slaap. Hy moet hulle assosieër met al die ander enkelvoudige en samegestelde waarneminge van die sintuie, met voorwerpe, handeling, gedagtes, gewaarwordinge en gevoelens. Hy moet analiseer en opnuut kombineer. Hy moet bevele uitstuur na die sintuie en kontroleer dat die bevele behoorlik uitgevoer word.

Hoe dit alles gedoen word, kan ek hier nie in besonderhede uiteensit nie. Laat ek net daarop wys, dat die gees aan elke min of meer selfstandige, geartikuleerde, klankreeks, of skrifbeeld waardeur die beeld van so'n klankreeks kan opgewek word, 'n tweeledige betekenis heg: 1. 'n objektiewe betekenis; en 2. 'n min of meer bepaalde gevoelswaarde.

OOK GROOTMENSE LEER NOG HULLE MOEDER-TAAL.

Ons lesse in die moedertaal hou egter nie op met die kinderjare nie. Die hele lewe is 'n skool, en van niks is dit meer waar as van die taal nie. Elke nuwe ervaring wat ons deurmaak, elke uitbreiding van ons gesigs- en gedagtekring, moet opnuut in woorde gebring word as ons ons roeping van gesellige wesens nie wil verloën nie. Ons moet ons telkens aanpas by die nuwe omgewing waarin ons verkeer, en die taalvorme wat by elke afsonderlike omgewing pas, uitmekaar hou.

HOE ONS VREEMDE TALE LEER.

Die nuwe omgewing kan selfs beteken, dat ons moet gebruik maak van 'n heeltemal ander taal. Dan moet ons die hele proses nogmaals deurmaak, met hierdie verskil, dat ons nou al met 'n groter voorraad fiesiese en psiegiese ervaring toegerus is, as by die aanleer van die moe-

(*) Ons laat hier buite beskouing die vraag of die gees 'n afsonderlike bestaan het, en of ons alleen te doen het met 'n bepaalde soort fiesiese werksaamheid.

dertaal. In die kern berus die aanleer van die vreemde taal egter op dieselfde grondslae. Ook dit is alleen moontlik deur kontak met die vreemde taal, waardeur gehoors-, gesigs- en motoriese beelde na die harsings gevoer word, wat dan verder op hierdie indrukke van buite voortbou. Maar die verhoudinge is dikwels anders. By mense wat 'n vreemde taal op skool leer speel die gesigsbeelde bevoorbeeld gewoonlik 'n baie groter rol, en word deur die memoriseer en toepas van voorgekoude reëls verkry, wat anders deur natuurlike aanvoeling geskied. Daarby kom dan nog dat die manier waarop die vreemde taal gepraat word—veral by mense wat dit op later leeftyd aanleer—onwillekeurig beïnvloed word deur die reeds bestaande praat- en artikulasiegewoontes. In die reël word die verskillende tale — altans wat woordgebruik betref — egter skroomvallig uitmekaar gehou. In die harsings vorm ieder sy eie afsonderlike groefie en daaruit kom die beelde nie gelyktydig in die bewussyn nie: Die een sluit die ander uit onder die praat.

ISMES ONTSTAAN DEURDAT WOORDE UIT HULLE OORSPRONKLIKE VERBAND GERUK WORD.

Alleen as daar 'n vakante plek in een van die groefies is, moet 'n plaasvervanger van elders gehaal word, en alleen as daar 'n bepaalde rede voor bestaan, vervaag die grens tussen die groefies, of spring 'n brutale woord of woordbetekenis gouer na vore as die een wat na regte met sy famielielede aan die beurt was. Sulke uit verband gerukte woorde, gaan dan nuwe assosiasies aan, word ismes.

Die snaakste is nog dat ons sulke vreemde skape eerder in die kraal van ons eie moedertaal toelaat, as dat ons ons in 'n vreemde taal moet uitdruk, maar as ons die moedertaal besig, dan doen ons dit in die reël met veel minder kraginspanning; ons dink nie daaraan om die vreemde woorde terug te hou nie en so ongemerk rol hulle uit ons mond.

PSIGOLOGIESE INDELING VAN ISMES.

Ismes word dus in die eerste plek gebruik om nuwe begrippe waarmee ons in aanraking kom, uit te druk, begrippe waarvoor daar in die vreemde taal woorde be-

staan, maar nie in ons eie nie. Die ontleende woord of uitdrukking kan nuut wees: (a) ten opsigte van sy objektiewe of hele betekenis, of (b) alleen ten opsigte van sy gevoelswaarde.

Maar in die tweede plek gebeur dit ook dikwels dat vreemde woorde die plek inneem van inheemse, sonder dat daardeur 'n belangrike verskil in betekenis- of gevoelskakering uitgedruk word. Dit kom deurdat die woorde meer deur ons gehoor of gesien word as die eie woorde en gevolglik makliker uit die onderbewustheid na die daglig van die volle bewustheid spring. Pas op vir sulke woorde, as jy prysstel op die suiwerheid van jou eie taal, want as hulle eenmaal by die dink of praat in jou eie taal gebruik is, dan kleef hulle met al die hardnekkigheid van indringers vas aan die verowerde plek, en kos dit harde stryd om hulle weer daarvandaan te kry! Hulle skep hulle gou 'n vrindekring in die nuwe omgewing en dwing om alle regte van volle burgers. En veral as hulle eenmaal oor die poorte van die lippe gerol het, word hulle geassosiëer, nie alleen met die woorde van die moedertaal nie, maar ook met die motoriese beweginge daarvan.

ISMES ONDERGAAN KLANK-, VORM- EN BETEKENISVERANDERINGE.

Gewoonlik moet sulke ismes wel iets van hulle oorspronklike karakter prysgee om genaturaliseer te kan word, maar die offer word maklik gebring. Ongemerkt begin die proses van aanpassing aan die nuwe omgewing, en—veral as hulle in meer algemene gebruik oorgaan—word hulle klank, vorm, en selfs betekenis, sodanig verander dat hulle herkoms dikwels alleen maar deur 'n deskundige kan uitgemaak of na gegis word. Dan word ook die skriftelike voorstelling van hierdie indringers dikwels verander, aangepas aan die spelgewoontes van die moedertaal, en bly daar geen uiterlike kentekens oor om hulle van inheemse woorde te onderskei nie.

HULLE KAN INHEEMSE WOORDE BEÏNVLOED.

Maar die omgekeerde kan ook gebeur. Partykeer behou hulle hulle eie klank of vorm, maar hulle word meer en meer gebruik; daar kom meer en meer van hulle vrin-

de binne en ten slotte word die inheemse woorde onder die net van hulle invloed gevang.

ISMES ONTSTAAN OOK DEURDAT VREEMDELINGE 'N TAAL PRAAT.

'n Ander manier waarop die moedertaal beïnvloed word, is dat vreemdelinge dit baie praat en sodoende woorde, woordbetekenisse of konstruksies van hulle eie taal daarin oorbring, wat dan weer deur die oorspronklike sprekers van die taal oorgeneem word.

AFBAKING VAN ONDERWERP.

In die vervolg sal meer bepaald die ismes in Afrikaans behandel word. Daaronder val alleen die ontleninge in Afrikaans wat ons te danke het aan mondelinge of skriftelike kontak met ander tale. Elders (Handleiding in het Afrikaans, p.p. 67-70) het ek bevoorbeeld 'n lys van Afrikaanse woorde en uitdrukkinge gegee, wat die Nederlander vanuit die gesigspunt van moderne Nederlands as argaïsmes en provinsialismes sou beskou. In Afrikaans behoort hierdie woorde en uitdrukkinge tot ons oorgeleerde taalskat en dus nie tot die ismes nie. Op dieselfde manier is daar in Afrikaans 'n groot aantal woorde aanwesig wat afkomstig is uit Frans en ander tale, maar daar hulle reeds deel uitgemaak het van die Nederlandse taal toe Afrikaans ontstaan het, het ons hulle ook nie te danke aan aanraking van die Afrikaanse volk met ander tale nie, en dus geen ontlening nie, maar oorerwing.

Onder die tale waaruit Afrikaans in Suid-Afrika self geleen het, moet die ry open met die taal van die eerste inboorlinge met wie die vroegste Koloniste in aanraking gekom het, die Hottentote.

HOTTENTOTTISMES.

Toe van Riebeeck by die Kaap aangekom het, was die hele Westelike en Suidelike deel van die land bewoon deur Hottentotte. Die eerste het hy kennis gemaak met die Strandlopers, maar 'n bietjie verder weg was daar nog baie ander stamme, soos die Grikwas, wat toe nog digteby die Kaap gewoon het en eers later na die Noorde getrek het, en die Namakwas wat by die koperberge gebly het.

Daar was ook Boesmans in die land, maar die verhouding tussen hulle en die witmense was die van wild en jagter, sodat as daar in die eerste tyd woorde van hulle oorgeneem is, dit alleen kon geskied deur bemiddeling van die Hottentotte. 'n Boesmanwoord soos *garra* (*gorra*) is dus in alle waarskynlikheid nie direk ontleen nie, maar deur middel van die Hottentotte. Dieselfde geld ook wel van baie plekname, soos miskien *Okiep*, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit is dat in later tyd, veral in die Noord-Weste van die Kaap, plekname, en miskien ook ander woorde, direk uit Boesmanstaal ontleen is nie.

Eers het die taal van die Hottentotte met al sy singklanke vir die Hollanders so moeilik gelyk, dat hulle dit as 'n hopelose saak beskou het om dit te wil leer praat of selfs verstaan, maar mettertyd het die toestand so verander dat daar 'n hele lys name opgeteken is van mense wat in die agtiende eeu die Hotnotstaal kon praat (sien Boshoff, *Volk en Taal*, pp. 373 vlgg., Hesseling, *Het Afrikaans* pp. 11-18). Daarenteen het die Hottentotte gou Hollands aangeleer: in 1656 praat die klompie by die Kaap dit al „redelik fray” en in 1685 word die eerste melding gemaak van 'n groep vreemdelinge aan die Kaap wat oorsaak is van veranderings in die taal van die Koloniste. In hierdie jaar vertel Kommissaris van Rheeде naamlik dat die Hottentotte 'n gebroke taal praat en dat die kinders van die Koloniste hulle daarin navolg.

Hoewel die Hottentotte Nederlands geleer het, was daar egter baie woorde in hulle taal wat nie vertaal kon word nie, omdat daarmee begrippe uitgedruk is, wat die Hollanders tevore nie geken het nie. Sulke afsonderlike woorde het die Hollanders geredelik genoeg oorgeneem. Reeds in 1653 gebruik van Riebeeck die woord *dagga*. Hier volg nou 'n lys van woorde waarvan dit min of meer vasstaan, dat hulle van die Hottentotte oorgeneem is. Vir die afleiding verwys ek na Boshoff, *Volk en Taal van Suid-Afrika*; Bosman, *Oor die Ontstaan van Afrikaans* en von Wielligh, *Ons Geselstaal*.

N U W E B E G R I P P E .

Name van rasse: Grikwas, Namakwas, Sonkwas, ens.

Name van dorpe, geweste, berge, riviere: Tarka, Prieska, Garies, Knysna, Karo, Koup, Kandebo, Outenikwa, Gamka, Gamtoos, Gourits, Kei, Keiskamma, ens.

Wilde diere en insekte: Kwagga, gnoe, oribie of oorbietjie, gogga, geitjie en waarskynlik koedoe. Die naam *Namakwaduif* is 'n samestelling van die volksnaam met 'n Hollandse woord.

Afrikaanse bome en plante: Karee, dagga, boegoe, koekmakranka, kanna- of gennabos, en waarskynlik ook: gonnabos, ka(a)mbessie, dawetjie of dawwetjie of dawidsworteltjie. *Sonkwasriet* is net so'n samestelling soos „Namakwaduif”. Tot minder bekende plantname hoort: Kambro en baroe, ghaap, narra, noemnoem, ghokum en miskien ghwarrie.

Hottentotse gebruike en artikels van Hottentotse maaksel: abba, kerie, karos, gora of gorrattjies.

N U W E G E V O E L S W A A R D E.

Die woord *kamma*, met al die verwante vorme wat dieselfde beteknis uitdruk: kamta, kamte, kamtig, kammetjies, kasta, kaste, kastig, kammekastig, kammalielies, is teenswoordig baie gebruiklik in algemeen Afrikaans, hoewel die woord „konsuis” wat uit Nederlands oorgeërf is, dieselfde uitdruk. Ons weet egter dat dit 'n baie algemene karaktertrek van die Hottentot is om dinge te vertel wat „kamma waar” is, en ek glo dat Dr. Boshoff volkome gelyk het waar hy die laaste vorm wil aflei van Afrikaans: lie-g-lieg word* lie+lie+s. En so meen ek dat ons met reg kan veronderstel dat die woord oorspronklik gebruik is om 'n Hottentotse gemoedstoestand te beskryf. Die woord, wat waarskynlik eers by kinderspeletjies oorgeneem is, het dus 'n ander gevoelswaarde gehad as „konsuis”: die gebruik daarvan het dadelik die persoonlikheid van die Hottentot voor die gees geroep.

En dieselfde tiperende krag het die woord: *hoeka* (*hoeke*) waarskynlik ook gehad. Dis 'n woord wat pragtig laat uitkom die vaagheid van die Hottentot se tydsbegrippe. Of die wisselvorme: *toeka* en *toeke* ook aan Hottentots ontleen is, is twyfelagtig. As „toeke” 'n Ndl. dialekwoord is, soos Dr. Boshoff veronderstel, dan kan dit meegewerk het tot die ontleening van *hoeka*, wat dan weer verantwoordelik sal gewees het vir die vorm *toeka*.

(*) Die fonetiese tekens (uit en word) word heeltemal uitgeskryf omdat die linosetter nie sulke tekens het nie.—Red.

Uitroepe: Hoewel Nederlands ryk genoeg is aan uitroepe om in alle behoeftes te voorsien, het Afrikaans tog nog 'n aantal bygeleen uit ander tale. Dis vrywel seker, dat die uitroepe: *êtsê, hêê, hê, ga* en *soe* uit Hotnotstaal afkomstig is, waarby miskien nog moet gevoeg word: *eina* en *gonna*. Ek wil aanneem, dat die invloed van Hottentots en Nederlandse dialekte saamgewerk het om die woord: *aits, aitsa* in Afrikaans te bestendig, dat Hottentots en Maleis gesamentlik verantwoordelik is vir Afrikaans: *sie, sies*, en dat op dieselfde manier Hottentots, Nederlandse dialekte en Fortugees aldrie iets kan te doen hê met die Afrikaanse woord: *arrie*.

WAAROM UITROEPE GELEEN WORD.

As Prof. Salverda de Grave gelyk het dat die oornam van vreemde woorde wat die lewe van die innerlike mens weerspieël, die bewys lewer van 'n kragtige invloed van die vreemde taal, dan moet die invloed van Hottentots op Afrikaans baie sterk gewees het. Ek glo egter dat sulke uitroepe gewoonlik juis tot die vroegste woorde behoort wat oorgeneem word. Dit hang daarmee saam dat die krag van die bestaande uitroepe deur veel gebruik gedurig aan die afslyt is, en daar dus gedurig behoefte is aan vernuwing deur middel van ontlening of andersins, want die gewaarwording of aandoening wil telkens in sy volle heftigheid tot uiting kom. Vir so'n vernuwing was die Hottentotse uitroepe besonder geskik. Met die algehele oorgawe aan oerinstinkte wat die natuurvolke eie is het die Hottentotte hierdie geluide oor die Afrikaanse velde laat weerklink, en hulle hele siel het daarin meegetril. Selfs die witman wat niks anders van hulle kloek-kloektaal kon verstaan nie, het hierdie woorde begryp en daar die geluide sy ore so hard en gevoelvol getref het, en so dikwels herhaal is, het hulle 'n besonder heidere indruk nagelaat. Onwillekeurig het hulle dus na vorentoe geborrel as hy self heftig ontroer word.

Hierdie woorde het dus 'n ander, 'n sterker, gevoelswaarde gehad, as die oorspronklike Nederlandse uitroepe, maar tog het die witman hom blykbaar daarvoor geskaam om sulke Hotnotswoorde te gebruik. Nog word die woord *êtsê*—so ver as ek weet—nie deur volwasse witmense gebruik nie. *Hê* en *hêê* word baie gebruik, maar is plat en ook aan *arrie, aitsa, ga* en *sies* kleef nog almal 'n meerdere of mindere mate 'n gevoel van platheid.

OU WOORDE DEUR NUWE VERDRING.

Vreemde invloed blyk m.i. die sterkste waar inheemse woorde verdring word deur vreemde woorde met dieselfde betekenis, en gevoelsinhoud. En dit gebeur blykbaar in die Noordweste van die Kaap Kolonie. Daar word nie alleen 'n hele klomp Hotnotswoorde gebruik as name van plante en ander begrippe wat van die Hottentotte geleen is nie, maar daar gaan Hottentotse woorde ook die plek van Afrikaanse inneem. So vertel een skrywer—Mnr. H. du Toit in „Die Brandwag” van Oktober 1916,—ons dat in Namakwaland die woord *tnou* vir 'n „klipplaat” gebruik word, en *tjoera* vir 'n „wit klipkoppie”; en in die lyste wat op versoek van mnr. von Wielligh samegestel is, kom o.a. voor: † koeroebee = krummels of potaanbrandsels; naba-dingetjie = pierinkie; toe † kom = toenaai; ou = gee (Sien „Ons Geselstaal”, pp. 156; 168—9.)

KLANKVERANDERINGE.

Daar ons kennis van Hotnotstaal veral moet berus op 'n studie van die later Namakwataal in Groot Namakwaland en ons van die dialekte wat vroeër by die Kaap gepraat is, so goed as niks af weet nie, sou dit onsin wees om te probeer om 'n volledige beskrywing te gee van die klankveranderinge wat Hotnotswoorde by oornam in Afrikaans ondergaan. 'n Paar van die mees opvallende verskynsels is egter dat die buigingsuitgange gewoonlik verdwyn (b.v. *-b*, *-s*, ens. by substantiewe), en dat die singklanke ook verdwyn of oorgaan tot *k*, b.v. geitjie uit lgei; karee (boom uit llari; kaam uit llam).

In die Noordweste waar die Hotnotstaal beter bekend is, kan die singklanke egter ook oorgeneem word. So vertel mnr. J. D. A. Crafford (by von Wielligh in „Ons Geselstaal”, p. 168): „By sommige mense geld die singklanke, of tonggeklap, as plat, terwyl dit by ander 'n natuurlik spraak vorm.”

VOLKSETIMOLOGIE.

Die volksetimologie speel natuurlik ook hier sy rol by die aanpassing van die onbekende aan die bekende. So word *dawetjie* word *dawidsworteltjie*.

As die woorde eenmaal opgeneem is in Afrikaans, gaan hulle maklik saam met die oorspronklike klomp. Hulle word met ouer Afrikaanse woorde samegestel, kry die meervouds- en verkleiningsuitgange van die ou Afrikaanse woord, die voorvoegsel van die Verlede Deelwoord, en die gewone vervoeging van die Afrikaanse werkwoord.

B A R B A R I S M I S.

Uitgange.—Die Afrikaanse barbarismes van Hottentotse oorsprong het op 'n ander manier daar gekom as die meeste leenwoorde. So word die uitgang *-goed* in die Noordweste selfs deur witmense gebruik om kollektiewe of meervoude te vorm (b.v. *Pagoed*, *baas-goed*, ens.) Hierdie vorm het, soos ek elders aangetoon het (Afrikaanse Sintaksis §138) ontstaan deur kontaminasie van Afrikaans *-goed* in *wasgoed*., *speelgoed*, ens. met die Hottentotse uitgang *gu* (spreek uit *ghoe*). Ons kan ons egter met geen moontlikheid voorstel dat die witmense so baie Hotnotswoorde met die uitgang *-gu* gebruik het, dat die kontaminasie in hulle mond ontstaan het nie. Dit was die Hottentotte wat die eerste die Afrikaanse uitgang met hulle eie verwar het, en toe is die gebruiksuitbreiding van *-goed* in witmens-Afrikaans oorgeneem uit Hotnots-Afrikaans. 'n Vertaling van hierdie *gu* kan ook meegehelp het om die uitgang-*hulle* in Afrikaans te laat pos vat. (Sien benede.)

Uit die ou reisigers weet ons ook dat die Hottentotte by die Kaap vanmelewes se dae die uitgang *-um* aan baie Afrikaanse woorde gevoeg het. Hierdie *-e*, *-en* het, met ander eienaardighede, mettertyd weer uit Hottentots-Afrikaans verdwyn.

Konstruksies.—Aan die Grikwataal is 'n paar omskrywinge eie, soos: *Ons wat Grikwas is* (=ons Grikwas) en *Duusman se kind* (=die *Duusman*). Hoe sulke konstruksies kan deurdring in witmenstaal, sien ons daaruit, dat uitdrukkinge soos: *Hond se kind* en *Vermaak se kind* ook dikwels in die mond van wit kinders gehoor word.

'n Ander eienaardige konstruksie met *se* as bindwoord wat by die Grikwas voorkom is: Persoonlike Voornaamwoord + *se* + Selfstandige Naamwoord, b.v. *hy se stoel*, *hy se geseg*, ens. Hiervan kan ons aflei dat Hotnots-Afrikaans miskien in die ou dae kan meegehelp het om die groot uitgebreidheid van konstruksies met *se* in algemeen

Afrikaans te bevorder of te bestendig, hoewel party daarvan klaarblyklik onder Maleis-Portugese invloed staan.

Uitdrukkinge, soos: *lé praat van die ding, hy lê staan loop by dié huis, die honde staan lê blaf*, wat nou nie tiepies Hottentots geld, kom wat hulle geaardheid betref, ooreen met sewentiende-eeuse Nederlands, maar hulle behoud en uitbreiding in Hotnots-Afrikaans is wel te danke aan Hottentots. (Sien „Afrikaanse Sintaksis” §83.)

Funksieverandering.—Dis bekend dat in die Noordweste ook onder sommige blankes, sowel as onder kleurlinge, uitdrukkinge voorkom, soos: *Hy het die bult geëit of geoor*. Daar hierdie gebruik tot daardie bepaalde streke beperk is, kan ons gerus aanneem dat dit in later tyd ontstaan het onder invloed van Hottentots, maar aangesien ons ook weet dat die invloed van Hottentots op Afrikaans vroeg begin het, word die waarskynlikheid groot dat dit—altans as meewerkende faktor—ook verantwoordelik gewees het vir party van die vroegste funksieveranderinge wat Nederlandse woorde in Afrikaans ondergaan het. Uitdrukkinge soos: *Dis ’n kromneus kêrel, blouoog noointjie* berus waarskynlik op ’n natuurlike uitbreiding van ’n Nederlandse gebruik. (Sien „Afrikaanse Sintaksis” §119), maar toe die Hottentotte daarnaas uitdrukkinge geskep het, wat spesiaal in hulle eie gedagtekring pas. soos: *Hy is hoenderkop, droë-lewer, lekkerlyf, hartseer, kopseer*, is hulle waarskynlik ook beïnvloed deur hulle eie taal. Later is hierdie uitdrukkinge—veral die laaste twee wat minder spesifiek tot die Hottentotse gedagtekring behoort—ook deur witmense oorgeneem.

Ook moet ons rekening hou met moontlike meewerkende invloed van Hottentots by sulke uitdrukkinge soos: *Ek is honger, dors*, ens. (Sien benede.)

N E G E R I S M E S.

Oor die invloed wat die Negerlawe wat vanaf 1658 na die Kaap toe gekom het, op die Afrikaanse taal gehad het, weet ons tot nog toe maar min, maar die vroeë datum van hulle koms laat veronderstel dat dit groot moet gewees het. Die behandeling van die klankleer val buite die bestik van hierdie opstel, en dis swaar om uit te vind of daar woorde is wat ons aan hulle te danke het. Miskien is dit egter deur hulle dat die woord *mielies* vandag sy teenswoordige betekenis in Afrikaans het (Sien Boshoff, *Volk en Taal* pp. 185—7.)

Ons kan veronderstel dat hulle Afrikaanse konstruksies oor die algemeen ooreengekom het met die van ons eie Kaffers, en dat ook hulle die vorm van baie woorde verander het deur *-e* daaraan toe te voeg. Ek glo egter dat ons met taamlik veel sekerheid kan aanneem dat die Afrikaanse uitgang *-hulle* in *Pa-hulle*, ens., die eerste deur Neger-slawe (en miskien ook deur Hottentotte) gebruik is (Sien „Afrikaanse Sintaksis, §§137—8.) Prof. Hesseling veronderstel dat die ooreenkomstige Negervorme eers in Neger-Portugees oorgegaan het, en vandaar in Neger-Afrikaans, maar dit sal swaar gaan om dit te bewys.

M A L E I S - P O R T U G E I M E S.

MALEIS-PORTUGEES.

Nog voor die Hollanders was die Portugese aan die Kaap en in die Oos gewees. Nie alleen is hulle taal ingevoer in die plekke waar hulle vaste voet gekry het nie, maar dit het ook in die sestiende en sewentiende eeu die grondslag geword van 'n algemene handels- en seemans-taal van die Indiese Argipel. Hierdie laaste taal word teenswoordig Maleis-Portugees genoem, omdat baie Maleise elemente daarin binnegedring het. Verder het dit—veral in later tyd — ook heelwat Hollandse bestanddele bevat.

AS HANDELSTAAL.

Die hoogste amptenare wat van die Oos na die Kaap gekom het, het dus Portugees geken—in die reël waarskynlik in 'n taamlke suiwer vorm. Onder die laer kompanjiesamptenare, die offisiere en bemanning van die kompanjieskepe, die Kaapse besetting en die vryburgers wat vroeër in die Oos gewees het, was daar ook baie wat gebroke Portugees kon gepraat het. Hierdie gebroke en verbasterde taal sal hulle in hoofsaak gebruik het wanneer dit nodig was vir die verkeer met vreemdelinge, wat—soos Dr. Bosman aangetoon het—egter nie al te dikwels die geval was nie.

AS SLAWETAAL.

Ook was daar in vroeër tyd heelwat Kaapse slawe wat een of ander vorm van gebroke Portugees geken het. Van die eerste tien slawe en slavinne wat daar aan die Kaap

was, het drie uit Batavia gekom. In 1658 kom daar twee skeepsloadinge slawe uit Guinea en Angola aan. Sommige meen dat ook hierdie slawe gebroke Portugees kon praat —Neger-Portugees—en andere betwis dit. Met sekerheid kan ons aanneem dat, as hulle 'n bietjie Portugees geken het, die kennis nie al te diepgaande was nie. Na die tyd kom daar nog baie slawe aan, uit Madagaskar, Mosambiek, Ceylon, Indië en Jawa. In die eerste tyd was die getal Oosterse slawe egter gering en volgens Dr. Bosman—wat hierdie onderwerp grondig ondersoek het—was daar van 1677 tot 1715 maar 'n 10 pSt. suurdeeg van slawe uit die Ooste afkomstig, waarvan baie uit Ceylon gekom en dus waarskynlik nie Maleis-Portugees geken het nie. Daarna word die aantal Oosterse slawe groter, sodat die invloed van Maleis-Portugees as slawetaal eers omtrent die middel van die agtiende eeu sterk word.

DIE MALEIERS.

Uit die Ooste het in die sewentiende eeu ook heelwat politieke bannelinge gekom, wat in die begin dikwels afgesonder gehou is en later 'n eie gemeenskap aan die Kaap gevorm het. Onder hulle lewe Maleise woorde voort wat nie tot Maleis-Portugees gereken kan word nie.

INDELING.

Ons moet dus eintlik onderskei tussen ontleninge uit Portugees, Maleis, en Maleis-Portugees. Ons bronne vir Maleis-Portugees is egter so onvoldoende dat dit in die praktyk nie moontlik is nie. Ek sal dus tot Portugese ontleninge alleen reken die Afrikaanse plekname wat ons aan die Portugese te danke het, tot Maleise ontleninge alleen woorde wat uitsluitend onder Kaapse Maleiers leef, en al die ander Oosterse ontleninge as Maleis-Portugees beskrywe. Daarby volg ek die voorbeeld van Professor Hesseling en sit agter woorde wat oorspronklik uit Portugees kom (P) en agter die wat uit Maleis of ander Oosterse tale kom (I).

ERFGOED EN LEENGOED.

Baie van die woorde wat in Maleis-Portugees gelewe het en in Afrikaans bewaar is, het vermoedelik egter nie

direk vandaar in Afrikaans oorgegaan nie. In party gevalle was algemeen Nederlands en in ander gevalle, die Nederlandse seemanstaal die bemiddelaar. Op grond van hierdie oorweging het Dr. Boshoff baie woorde as Afrikaanse erfgoed beskou, wat Prof. Hesseling beskou as ontleninge aan Maleis-Portugees. Die beginsel wat Dr. Boshoff toepas, lyk vir my volkome juis, maar die manier waarop hy dit toepas kan my nie bevredig nie. Alles wat hy in reisverhale van voor 1657 gekry het is vir hom kortweg Afrikaanse erfgoed. Nou gebeur dit dikwels dat reisigers by die beskrywing van Oosterse toestande en dinge vir die informasie van hulle lesers ook die Oosterse name vermeld. Daarvan kan ons egter nie aflei dat dié woorde in Nederland bekend was nie. Dikwels blyk daaruit juis die teenoorgestelde. Alleen waar uit die verband duidelik is dat die skrywer veronderstel dat sy Nederlandse lesers die woord ken, kan ons dus aanneem dat ons 'n uit Nederlands oorgeërfde woord in Afrikaans het. Die lysie van seemans- en handelswoorde wat Dr. Boshoff en Dr. Bosman gee, moet dus weer opnuut ondersoek word om die manier vas te stel waarop hulle gebruik word. Daar die geleentheid my ontbreek het om dit in alle gevalle te doen, het ek dit die veiligste geag om die lys van Maleis-Portugese ontlenings van Prof. Hesseling as uitgangspunt te gebruik.

Daarvan het ek enkele—soos: *asgaai*, *basaar*, *going*, *lemoen*—waarvan dit my duidelik was dat hulle voor 1652 in Nederland algemeen bekend was, weggelaat. Daarenteen het ek weer 'n paar ander bygevoeg. Dit staan vas dat baie van die hieronder behandelde woorde voor 1652 in die seemanstaal bekend was, maar ek wil my metode verdedig deur daarop te wys, dat die oorgang van hierdie woorde in algemeen Afrikaans vergemakkelik is deurdat so baie mense aan die Kaap Maleis-Portugees geken het.

Vir die afleiding van die volgende woorde en hulle betekenis in Afrikaans—wat dikwels belangrike verskille van die oorspronklike betekenis aanwys—verwys ek na die werke van Hesseling (Het Afrikaans), Bosman (Afrikaans en Maleis-Portugees; Oor die Ontstaan van Afrikaans), en Boshoff (Volk en Taal van Suid-Afrika.)

NUWE BEGRIPPE.

Portugese Eiename.—Die koloniste wat in die sewentiende eeu na die Kaap gekom het, het die plek sekêr

almal by sy Portugese naam Cabo da bôa Esperanca geken. Toe hulle eenmaal daar was, het die wat die kant nie tevore bestudeer het nie, ook bekend geraak met sulke name soos: Cabo d'Aguilhas of dos Águilas, Agoada de Saldanha, Terra do Natal, ens.

Die volgende Maleis-Portugese woorde is in Afrikaans opgeneem:

Oosterse plante: akkerwanie (I), froetangs (p), jamboes (I), katjiepiering (I), koejawels (I), nartjie (I), Die Oosterse woord *kiepersol* (P) is op 'n Afrikaanse boomsoort toegepas.

Oosterse diere en visse: halfkoord (P), koperkapel (P), makou (I).

Oosterse Kossoorte: atjar (I), blatjang (I), bobotie (I), borrie (I), bredie (P), laksel (I), mebos (I), pie-nang (I), sambal (Vergelyk ook sambalbroek) (I), sosa-tie (I), tasal (P).

Oosterse klere, stowwe, versiersels en ander artikels van Oosterse maaksel: (In party gevalle sal hulle nie veel verskil het van die ooreenkomstige Europese artikels nie.) Baatjie (I), kabaai (I), tjalie (P) of (I), toering (I), bafta (I), doerias (I), (oor)krawwetjies (P), gor-fet(beker) (P), karba (P), pondok (I), ramkie (P), sambok (I), sambrero en sambreel (P), kraal (P), en miskien sarot (I).

Oosterse sosiale groepe: laksman (I), sabander (I), mandoor (P).

Toordery: doepa (I), ghoeroe (I), paljas (I), sieal (I). „Moesoek” (I) was miskien oorspronklik „'n meerdere” by die toor.

Tegniese woorde in verband met kinderspeletjies: baljaar (P), koerang (I), sammejoa (I), tjoema (I), rondom talie (P) draai.

Tegniese woord in verband met straf: tronk (P), oorspronklik 'n bepaalde soort strafwerktuig.

NUWE GEVOELSWAARDE.

Ek veronderstel dat daar oorspronklik 'n gevoel van iets Oosterse gekleef het aan die woorde *paai* (P) en *maai* (P) (Vgl. *oupaai*boelie en *loop na jou maai*), wat dit onderskei het van die woorde „vader” en „moeder”. *Maai*foedie (P) was seker in die tyd 'n baie gemene uit-skelwoord. Maar ook die *aia* (P), die *nenna* (miskien I),

en die *pikenien* (P) was gekleur, terwyl die woord *ta*, *tata* (P) ook gou alleen op kleurlinge toegepas is, selfs deur die kinders van die wat 'n gelykluidende Hollandse woord geken het. Daarenteen het *nôï*, *nooi*, ens. (I) 'n besonder edele betekenis gekry, omdat die woord veral deur kleurlinge gebruik is teenoor blankes, en dit moet ook gebeur het met *boeta*, vir so ver as dit beïnvloed is deur Mal. boedjan.

Die Oosterse manier van vloek en sweer het miskien al vroeg as eufemisme gedien. Vandag nóg sal 'n vrou wat anders nie vloek nie, sê dat sy „die *josie* (P) in” is; *o alla* (I) word in die Boland nogal dikwels—veral deur kinders—as uitroep gebruik, maar partykeer kom die te-regwysing van ander kinders: „Haai, moenie so vloek nie”. „Dis by my *kool*, *kolie* (I) waar”, is ook 'n taamlik sagte uitdrukking, en miskien is *broesa* (P)—wat ek nie uit die gebruik ken nie—ook maar 'n sagte woord. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit, dat hierdie woorde oorspronklik juis kragtig was nie (Vgl. die Hottentotse uitroepe.)

As *haaihoei* (I) van Oosterse oorsprong is, dan sal dit oorspronklik ook iets Oosters beskrywe het, en *pierinkie* (I) was 'n Oosterse woord wat geleentheid verskaf het om die voorwerp ook in Hollands van ander skotteltjies te differensieër.

OU WOORDE DEUR NUWE VERDRING.

Heelwat *skeepsterme* het in Afrikaans in algemene gebruik oorgegaan. Van Maleis-Portugese oorsprong is: *Katel* (I), *bottel* (P), en miskien (dis)pens (P).

Die woorde: *piekel* (I), *soebat* (I), *trawal* (P), *baklei* (I), is oorspronklik in verband met die *werk en lewe van die slawe gebruik* maar het oorgegaan in die algemene taal. Hoewel in mindere mate, geld dieselfde miskien ook van: *laai* (in: *Dis sy ou laai*, *maskie* en *tamaai*.)

Of *kapater* (P) vir die eerste koloniste 'n nuwe begrip was, weet ek nie. Dit kan 'n Oosterse woord wees wat 'n Nederlandse omskrywing vervang het. Dan het dit waarskynlik ook uit die slawetaal deurgedring in algemene Afrikaans.

Dan bly nog oor as Maleis-Portugese ontleninge: die tegniese woord *tjap*, die woord *baie*, en *amper*, as dit 'n Oosterse woord is.

Opm.—Die woord *lokwart* het waarskynlik laat, deur bemiddeling van Engels, uit die Ooste gekom.

GEBRUIKSFEER.

Lank nie al die bowestaande woorde is algemeen bekend nie. Baie daarvan is in die Boland algemeen gangbaar, maar in die binneland onbekend. En selfs in die Boland het ek nog nooit: *broesa, sieal, dorieas, sammejoa, tjoema* en verskeie ander gehoor nie. Vermoedelik is heelwat, Maleis-Portugese woorde aan die uitsterwe, 'n proses wat al 'n lang tyd aan die gang is (Sien Hesseling, *Het Afrikaans*, pp. 68—71). Dan is daar ook woorde, soos *kaparrings, hadjie* en *kaliefa*, en waarskynlik verskeie van die bowegenoemde, wat alleen in die mond van Maleiers lewe. In dié beperkte kringelwe waarskynlik ook nog heelwat ander Maleise woorde, wat betrekking het op hulle godsdiens, eenaardige sedes, ens.

KLANKVERANDERINGE.

Daar ons kennis van Maleis-Portugees veral moet berus op 'n studie van die moderne oorblyfsels van dié taal in Batavia en Toegoe, is dit ook hier onmoontlik om die klankoorgange van die oorgenome woorde sistematies te bestudeer. Tot die mees opvallende eienaardighede behoort egter dat die historiese *k* wat in baie Mal. woorde as slotmedeklinker optree, dikweils in Afrikaans—soos ook in Maleis self—verdwyn het. (Vergelyk *banjak, nenek*, ens.) Ook is opmerklik dat Mal.-Port. *a* in Afrikaans *-er* of *-el* word. Vergelyk: Port. *quitasol*, Mal. Port. *kitasol* word Afr. *kiepersol*. Mal. *kelapa*, Mal.-Port. *klapa*, *kloppa* word Nedl., Afr. *klapper*. Mal.-Port. *goyaba* word Afr. *koejawel*.

VOLKSETMOLOGIE.

Die rol van die volksetimologie kan geïllustreer word met die volgende oorgange: Moesoek word Moses; sabander word laat spaander; *albacor(a)* word *albertkoord* word *halfkoord*; *cobra de capello* word *koperkapel*.

BARBARISMES

Woorde. Afrikaanse woorde wat moontlik onder Mal.-Portugese invloed 'n wysiging of uitbreiding van betekenis ondergaan het, is: die ook in Vlaandere bekende blomraam *vieruurtjies*—Mal.-Port. *foela kater orra*; die woord

moveer in die sin „terge”, „lastig val”; *lekker* b.v. in „lekker gesels”. Die woorde *pa* en *ma* is in die sewentiende eeu in Nederland alleen gebruik in die hoër kringe, in S.-Afrika word dit—soos teenswoordig ook in Nederlands—deur alle lae van die samelewing gebruik. Hierdie uitbreiding van gebruiksfêre is miskien bevorder deur Maleise kindermeide (Mal. *bapa* en *emak* word afgekort tot *pa* en *ma*), maar daartoe kan ook meegehelp het die Frans van die Hugenote en die feit dat hierdie woorde tot die eerste klanke hoort wat elke kind maak.

Woordvorming. *Jankriek* is ’n nuwe samestelling in die eerste gedeelte waarvan ons die eienaam „Jan” kan sien, maar wat in alle waarskynlikheid beïnvloed is deur Maleis *djangkerik*.

REDUPLIKASIE.

Nuwe maniere van woordvorming wat onder Maleis-Portugese invloed ontstaan het, is ’n paar tipes van reduplikasie:

(a) die geredupliseerde verbaalstam, (b.v. in *Hy loop staan-staan*; *Hy werk sing-sing*) word in adverbiale funksie gebruik en druk ’n iteratiewe handeling uit wat die ander handeling onderbreek, of gee tekenne dat ’n handeling voortduur terwyl ’n ander verrig word.

(b) Die geredupliseerde substantiefstam, (b.v. in: *Hy drink die medisyne so beetjie-beetje*; *hulle kom klompies-klompies aan*; *hulle kom een-een, twee-twee vorentoe*; *hulle speel handjie-handjie*; *voetjie-voetjie, tot-tot, perd-perd*) het ook ’n adverbiale funksie en gee ’n iteratiewe of distributiewe betekenis aan die handeling—„hy drink nou ’n beetjie en dan weer ’n beetjie”, „iedereen speel met die ander se hand”, ens.

Konstruksies. In sewentiende-eeuse Nederlands was daar baie meer soorte woordgroepe met *zijn* (*z'n*), *haar* (*d'r*), *hun*, as bindwoord dan teenswoordig in Nederlands moontlik is. In Afrikaans is nie alleen die ou konstruksies—met die bindwoord in die vorm: *se*, *sy haar*, *hulle*—behou nie, maar daar het nog ander ontstaan. Daarby het Afrikaans ook nog samestellinge met: *s'n*, *s'nne*, *hare* as laaste deel, b.v. *pa-s'n*, *julle-s'n* ens. Tot hierdie uitbreidings kan Hoog- en Platduits, Saksiese Nederlandse

(*) Behalwe na die bowegenoemde werke, word hiervoor ook verwys na: J. J. le Roux: *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.

dialekte en Hottentots meegehelp het, maar die vernaamste faktor was Maleis-Portugees. Dit blyk veral daaruit dat Afrikaans—net soos Maleis-Portugees—*se* ook gebruik om 'n temperale Bywoord te verbind met 'n Substantief, iets wat in Europese tale nie bekend is nie, b.v. Maleis-Portugese *agora suwa tempu*—Afr. *nou se dae*. Vergelyk in Afrikaans nog: *Vanmelewe se dae*; 'ek is nie *vandag se kind* nie, ens.

As ons Afrikaans met sewentiende-eeuse Nederlands vergelyk, dan blyk dat die bindwoord *vir* verskeie ander voorstelsels verdring het, b.v.: *Hy sal die brief vir my stuur*; *gee dit vir hom*; *hy sê Oom vir my*; *wag vir my*, ens. Ook word *vir* dikwels in Afrikaans gebruik waar in Nederlands geen voorsetsel kan staan nie. Dit gebeur waar die werklik bereikte of geheel omvatte doel van die handeling (die s.g. direkte objek), 'n persoon is (b.v. in: *Hy het vir Oom Piet gesien*), of 'n ander lewendige wese of dooie ding wat baie aktiwiteit aan die dag lê. In die laaste gevalle gebeur dit veral as die dier of ding aangedui word met 'n Voornaamwoord b.v. in: *die os was wild*, *maar ons het daarom vir hom gestag*. Hierdie uitbreiding van die gebruiksfes van *vir* is grotendeels toe te skrywe aan Maleis-Portugese invloed. Die Afrikaanse gebruik van *vir* kom sterk ooreen met die Maleis-Portugese van *per*.

Die Afrikaanse circumposisie *met*... *saam* wat gebruik word om begeleiding uit te druk (b.v. in: *Hy gaan met my saam*) het waarskynlik ontstaan onder invloed van Duits *mitsamt*, wat in die sewentiende eeu 'n leenwoord was in Nederlands. Tot die Bolandse uitbreiding van die gebruik van hierdie woord om die werkwoord met die naam van 'n instrument te verbind (b.v. in: *Hy sny dit met 'n mes saam*) kan, hoewel dit iets is wat van self voor die hand lê, ook die Maleise woord *sama* meegewerk het.

In die eienaam *Baai Vals*, het ons nog die oorspronklike Portugese woordorde.

Funksieverandering. Dat Oosterse woorde soos *tjap* en *kapater* nie alleen as Substantiewe, maar ook as Werkwoorde gebruik word, is waarskynlik aan Maleis-Portugese invloed toe te skrywe. In ander gevalle, soos in: *hy doring daar* en *die skape dood by hope*, moet ons weer aan Hottentotse invloed dink, hoewel die oorgang ook

dikwels in Nederlands sonder enige vreemde invloed kan plaasvind.

Ons kan in Afrikaans sê: *ek is honger, dors, spyt, skaam, lus, vaak*, d.w.s. die laaste gedeelte van hierdie samegestelde Werkwoorde kan nou ook soos Adjektiewe gebruik word, hoewel hulle oorspronklik altyd Substantiewe was. Tot die ontstaan van hierdie nuwe gebruik (wat moontlik maar nie nodig is nie) het die sprekers van Maleis-Portugees en ander Kreoolse tale, soos Hottentots-Afrikaans, hulle deel bygedra.

In uitdrukkinge soos: *Dit gaan broekskeur* of *naelskraap*, word die samestelling van 'n Substantief en 'n Werkwoordstam in dieselfde funksie gebruik as 'n Teenswoordige Deelwoord. Miskien moet ons ook hier Maleis-Portugese invloed sien, want ook in Maleis het die Infinitief en die Teenw. Deelwoord dieselfde vorm.

Eindelik het party in die gebruik van die Persoonlike Voornaamwoord *ons* in die Nominatief en *wat* as Betrekklike Voornaamwoord vir alle geslagte ook Maleis-Portugese invloed gesien. Dis hier—soos ook in ander gevalle wat die vormleer betref—net so moeilik om die afwesigheid as die aanwesigheid van hierdie invloed te bewys.

HOE HET DIE BARBARISMES ONTSTAAN HET.

Ook is dit onmoontlik om met positiewe gegewens aan te toon, hoe al hierdie barbarismes ontstaan het, maar tog glo ek dat Dr. Bosman gelyk het waar by meen dat die rede nie was dat dié Nederlanders aan die Kaap soveel Maleis-Portugees gepraat het nie, maar dat slawe en andere Nederlands aangeleer het.

GERMANISMES.

Onder die eerste vryburgers aan die Kaap was daar al Duitsers en in die begin van die neentiende eeu was daar 28 pSt. Duitse bloed onder die Afrikaners.

In een tydperk—die tweede helfte van die agtiende eeu—het daar selfs meer Duitse emigrante na die Kaap gekom as Hollandse. Tog is die aantal Afrikaanse woorde wat ons as ontleninge aan Duits kan aanwys, nie groot nie. Dit kom deurdat daar min Duitse vroue was, deurdat die Duitsers byna almal 'n soort Hollands kon praat, en veral deurdat die gelykenis tussen Hollands en Duits

so groot is, dat ons dikwels nie kan uitmaak of ons met 'n geleende woord te doen het, of nie. 'n Groot moeilikheid word ook opgelewer deur die feit, dat baie woorde wat nie in algemeen beskaafde Nederlands bekend is nie, voorkom in Oosterlike Nederlandse dialekte en ook in Duits. In sulke gevalle is dit onmoontlik om te sê uit watter bron Afrikaans die woorde gekry het. In die meeste gevalle sal dit veiligste wees om aan te neem, dat die een invloed die ander versterk het.

Tensy anders vermeld, word hier onder Duits verstaan Hoog-Duits. Wat Plat-Duits is, word spesiaal aangegee.

NUWE BEGRIPPE.

Eiename.—Die Duitsers het natuurlik na Suid-Afrika toe gekom met hulle eie familie- en voorname, soos: *Geyer, Hauptfeisch, Gustav*, ens. Ook is af en toe aan Afrikaanse plekke, soos *Frankfort*, Duitse name gegee.

Berge was vir die meeste Nederlanders wat direk uit hulle vaderland na Suid-Afrika toe gekom het, iets nuuts. Waarskynlik het hulle spontaan die liggaamsdele vernoem (in name soos: *kop, krans, nek*, maar daartoe kan ook meegehelp het die ooreenkomstige Duitse woorde.)

NUWE GEVOELSWAARDE.

Kragwoorde. Aan die ruwe Duitse gaste het ons woorde te danke soos: (aap), skilloeder, niksnuts, swernot(er), swynhond, by my siks, verflaks (Plat-Duits), uitwiks, ter duiwel, oorwaks, gevreet (waarskynlik die Plat-duitse *Frät*, wat ook in Fries voorkom, met die voorvoegsel *ge-* uit Nederlands en Hoog-Duits.)

Hiervan kom party (*niksnuts, swernoter, uitwiks*) reeds in sewentiende-eeuse Nederlandse klugte voor. *Oorwaks* bestaan ook in Oostelike Nederlandse dialekte.

OU WOORDE DEUR NUWE VERDRING.

Militêre woorde, soos: laer, kamaste, werda, stráwasie, iaat sien hoe 'n belangrike rol Duitse soldate aan die Kaap gespeel het.

Verder noem ons nog die woorde: (Uit Plat-Duits) rappelkops, doodluiters; (Uit Hoog-Duits) hekel, dan en

wan, bolmakie (slaan), (miskien) stols, en (miskien) jaarhonderd.

Verder is daar nog heelwat Afrikaanse woorde wat in Oostelike Ndl. dialekte en ook in Duits voorkom, soos: blas, werskaf, ens., ens.

KLANKVERANDERINGE.

Dit sou 'n interessante studie wees om die lotgevalle van die Duitse klanke in al hierdie leenwoorde na te gaan. Daar die bestek van hierdie opstel so'n studie egter nie toelaat nie, illustreer ek die aanpassing aan die Afrikaanse klanke alleen met 'n paar voorbeelde.

g word X,* b.v. in Geyer, Gie, ens. en verdwyn tussen klinkers, b.v. in Krü(g)er.

b verdwyn tussen klinkers, b.v. Oberholzer word Oorholster, Obermeyer word Oormeyer.

sj word sk, b.v. in Schumann.

ai* word ei, b.v. in Meyer.

Verwantskap van klank het vertaling moontlik gemaak in name soos: Hauptfleisch en Haupt, wat in Afrikaans lui: Hoofvlees en Hoof.

BARBARISMES.

Woorde en uitdrukkinge. Onder Duitse invloed het waarskynlik ontstaan: *aandag* in die betekenis „godsdiens oefening”; *Kretie en Pletie* = Jan Rap en sy maat; *draai* = seur; en die uitdrukking *kort proses maak* met iemand of iets.

Konstruksies. Die gebruik van: *duskant, anderkant, bokant, onderkant, oorkant, binnekant, buitekant* as Voorsetsels herinner sterk aan Duits: *diesseit, jenseit, ens.*

Funksieverandering. Die gebruik van *skuld* as Werkwoord, het ons waarskynlik ook aan Duits te danke.

G A L L I S I S M E S.

In die tyd van die „Patriot”, het Ds. S. J. du Toit gemeen dat baie Afrikaanse eienaardighede aan die Frans van die Hugenote te danke was, en daarvoor kon hy steun

(*) Waar ons kan, het ons die fonetiese skrif so goed moontlik weergegee. Die halwesirkeltjie bokant die ai en ei kan egter nie ingeset word nie.—Red.

vind by Nederlandse taalgeleerdes soos Prof. M. de Vries, Mnr. C. Stoffel en Prof. J. te Winkel. Prof. Hesseling het egter aangetoon dat hierdie mening op los sand gebou was, en so bly daar vandag maar baie min in Afrikaans oor wat ons aan invloed van die Hugenote kan toeskrywe. Moontlik was daar egter meer, maar Nederlands het so ontsaglik veel van Frans geleen, dat byna alle Franse woorde wat in Afrikaans voorkom, ook in Nederlands te vinde is. In sulke gevalle is dit onmoontlik om uit te maak of die Hugenote iets te doen het met die aanwesigheid van die woorde in Afrikaans.

NUWE BEGRIPPE.

Behalwe 'n aantal famielie- en voorname, soos: de *Villiers*, *Pierre*, ens. en 'n aantal name van boerplase, soos *La Dauphine*, *La Motte*, *Cabrière*, ens., kant ons maar net die volgende woorde met enige sekerheid aanwys as ontleen aan die taal van die Hugenote:

Vragte: bermotsersau (peer), sermyn (peer), pawee- (perske), pompemoer, en verder:
portfesia (deur) en miskien *makrolletjie* (wat egter ook aan Duits ontleen kan wees).

KLANKVERANDERINGE.

Die klankoorgange kan net die volgende paar voorbeelde geïllustreer word:

Fr. genasaleerde klinker word Afr. klinker + n, b.v. in *Basson*, Jordaan. In Malan tot klinker + ng.

Fr. Z word Afr. j. b.v. in *Joubert*, Jordaan.

Fr. sj word Afr. s b.v. in *Terblans* (uit *Terreblanche*), le Grange, Gouws (uit *Gaucher*).

Fr. g word Afr. x b.v. in *Hugo*, le Grange.

Fr. ie word Afr. e: (met dialektiese afwykinge), i of je; b.v. in *Cillie*, *Fourie*, *Nortje* (uit *Nortier*).

Alle Fr. vokale in onbetoonde lettergrepe kan in Afrikaans oorgaan tot ə, b.v. in *Basson* (word *Bəsson*), *Maraais* (word *Məraais*).

Die aksent het in verskeie name na die begin van die woord toe verspring, soos in: *Hugo*, *Pienaar*, *Minnaar*, ens.

BARBARISMES.

Die Afrikaanse woorde: *kleinneef* en *kleinniggie* kan heel goed gevorm wees na analogie van woorde soos:

kleinseun, kleindogter, ens. Tog glo ek dat die vermoede geregverdig bly, dat ook die Fr. woorde „petit-neveu” en „petite-nièce” tot ontstaan van hierdie nuwe samestellinge bygedra het.

Van word in Afrikaans dikwels gebruik om 'n onbepaalde getal of hoeveelheid aan te gee, b.v. *Van die beeste het weggeraak, hy het van die water gedrink*. Dit is waarskynlik 'n uitbreiding van analogiese konstruksies in Nederlands, maar ook tot hierdie uitbreiding kan Frans (en miskien ook Hottentots) meegehelp het.

K A F F E R I S M E S.

Die Afrikaners het eers ongeveer 1780 in blywende aanraking met die Kaffers gekom. Dis dus byna uitsluitend in die Ooste en Noorde van die Unie, dat Kafferwoorde, — behalwe eiename — deur witmense gebruik word, of selfs onder hulle bekend is. Die volgende leenwoorde kan genoem word:

NUWE BEGRIPPE.

Name van rasse: Kôsas, Soeloes, Basoetoes, ens.

Name van dorpe, geweste, berge, riviere: Oemtata, Basoetoeland, Thaba Bosigo, Oemsimkoeloe.

Bestuur en organisasie van Kaffers: pitsoe, indaba, in-doena, impie, amalaita.

Wilde diere en reptiele: mahem, mamba, tsetse.

Bome: Naboom, tambotieboom, mapanie, maroela, moepel.

Woorde in verband met Kaffer-sedes en -gebruike, en artikels deur Kaffers gemaak: intonjane, lobola, sibiba, djuala, letieng, amasie, mohobe, kaboemielies.

NUWE GEVOELSWAARDE.

Die verhouding tussen Kaffer en witman word gevoel in: inkôs, aikona, posella ('n Kaffervervorming van Afr. „present”) en malie. Daar die laaste woord in die Boland nie gebruik word nie, glo ek dat dit in Afrikaans 'n ontlening uit Kaffers is.

Meer beknoptheid is wel verantwoordelik vir die oornamme van dongha, grammadoelas en tollie.*

(*) Vir die betekenis en afleiding van hierdie woorde word verwys na Boshoff, *Volk en Taal*. Om die lotgevalle van die Bantoeklanke in Afrikaans te behandel, is 'n beter kennis van Kaffertaal nodig as ek oor beskik.

BARBARISMES.

Kaffers gebruik 'n aantal eienaardige konstruksies as hulle Afrikaans praat. Daarvan is—so ver as ek weet—die enigste wat 'n neiging vertoon om in witmens-Afrikaans oor te gaan, die Kaffergebruik om die hoofwerkwoord altyd onmiddellik na die Hulpwerkwoord te plaas (soos ook in Engels gebeur) b.v.: *Ek sê vir jou, jy moet kom hier.*

ANGLISISMES.

Ons kom nou tot die taal wat nie alleen verantwoordelik is vir 'n groot aantal ismes in Afrikaans nie, maar selfs die bestaan van Afrikaans bedreig het en nog bedreig—Engels. Dis bekend hoe binne 'n kwarteeu na die tweede Engelse besetting van die Kaap, Engels onder die regering van Lord Charles Somerset tot die enigste offisiële taal gemaak is; maar ook, hoe daar later 'n suksesvolle stryd gevoer is vir die regte van Hollands, en hoe dat Afrikaans die plek van Nederlands ingeneem het, sodat Afrikaans vandag in die hele Unie op papier volkome gelyke regte geniet met Engels. In die eeu en 'n kwart wat sedert die koms van die Engelse verbygegaan het, het Engelse invloede egter langs ontsaglik veel kanale binne gekom en dit gebeur nog steeds.

In die volgende behandeling—waarin alleen in algemeen strominge aangedui word — word die barbarismes in woordbetekenis by die leenwoorde genoem, omdat die ontstaansrede—anders as by die reeds behandelde tale—van altwee dieselfde is.

Dis moeilik om te besluit in watter gevalle die spelling van leenwoorde uit Engels, verafrikaans moet word. Ek ontken nie dat ek partykeer 'n bietjie willekeurige te werk gegaan het nie.

NUWE BEGRIPPE.

Eiename. Die landkaart van Suid-Afrika is vol Engelse geografiese name, soos: *Clanwilliam, Durban*, ens., ens. Baie Engelse families het met hulle familie- en voorname opgegaan in die Afrikaanse bevolking, b.v. *McGregors* en *MacDonalds, Crawfords* en *Frasers*, ens. Maar ook baie ouers van ander herkoms noem hulle kin-

ders graag met Engelse name, soos: Lizzy en Kitty en Margret, John en Peter, ens.

Wetenskap en Kuns. Daar die laer en hoër onderwys so lank opsetlik in Engelse bane gelei is, het die meeste terme in verband met wetenskap en kuns langs Engelse kanale na ons toe gekom. Internasionale terme het dus dikwels 'n Engelse kleur. Vandaar die gebruik van woorde soos: *Botany* en *Chemistry*, *Physics* en *Zoölogy*, *Medical Student* en *Engineer*, *Harmony* en *Composition*.

Die Engelse het *nuwe regeeringsvorme* ingevoer in Suid-Afrika. Vandaar woorde soos: platform, bil, speaker, kôkus, empaaier, sergeant-at-arms, pact, mayor, town-hall, muniesiepelletie, ens., ens.

Ook ons teenswoordige *regspraak* het ons van die Engelse. Vandaar: juts, jurie, suprieme koort, circuit, magistraat, Black Maria, trep, ens.

In verband met *oorlog en verdediging* het ons: Hens op, town-guard, national scout, boyscouts, girlguides, defence force, orderly, lee-metford, ens.

Die *handel* is byna uitsluitend in die hande van Engelse en ander vreemdelinge wat in Suid-Afrika Engels gebruik as handelstaal. Vandaar: tjek, tender, ring, stoor, order; (Barbarismes:) besigheid, kompetesie, kosprys, ens.

Engelse muntstukke: pennie, trippens, sikspens, sieling.

Engelse mate: boesel, jaart.

Die *drukkers* kom eers na die koms van die Engelse tot behoorlike ontwikkeling. Vandaar: editeur, tydgenoot (van 'n koerant), interview.

Ook die meeste *nywerhede* is in Engelse hande. Vandaar: factory, kleim, sjaf (shaft), tradesunion, strait, shift, overtime, relay, ens. Dis my onbekend watter naam eerste in gebruik gekom het: *diggings* of *delwerye*. Merkwaaardig is egter die kontaminasieprodukt *diggherye*.

Landbou en veeteelt. Hoewel hierdie nywerhede hoofsaaklik in hande van Afrikaanssprekendes is, lewe ook daar al 'n groot aantal nuwe begrippe met Engelse name wat deur Engelse handelaars ingevoer is, soos: cultivator, planet, planter, separator, mower, blekwattel, shorthorn, golden drops (soort pruim), custard apples, ivy, mistle-toe, starling ('n ingevoerde voël), en hope ander name van nuwe soorte bome, plante, diere ens. soos: Pride of England (pruime), Black Prince (druive), Jersey (beeste), ens.

Verkeer. Ook op die gebied van die verkeer is baie nuwe woorde en begrippe deur die Engelse ingevoer.

(*Deur die pos*): Postmaster, stemp; (Barbarismes:) posmeester, posorder, poskaartjie.

(*Deur die telefoon*): phone, exchange, call; (Barbarisme:) oplui.

(*Deur middel van trekdiers*): bokkie, spaider, ghig, briek, horssweep.

(*Deur middel van die trapfiets*): bicycle, freewheel, gear, clips.

(*Deur middel van die spoortrein*): kerreits, enjin, trok, wen, diningsaloon, trollie, guard, porter, ticketcollector, tunnel, crossing, siding, goodshed; (Barbarismes:) stasie-meester, (injin)drywer.

(*Deur middel van moterkrag*): chauffeur, garage, carburetter, plug, motorbike, petrol, tenk.

(*Deur die lug*): aeroplane, biplane.

(*In die hotels*): bar, barmaid, porter, diningsaloon.

In verband met *uitgaanplekke* in die stede en dorpe (skouburg, bioskoop, konserte): theatre, play, stage, pit, dress-circle, stalls, gods, rehearsal, bioscope.

Die *klere* wat deur nuwe modes voorgeskryf word, word deur Engelse handelaars gelewer. Vandaar: blouse, bloomers, combination, dressing-gown, dress-suit, jersey, knickerbockers, link, smoking, stud, suspender, sweatre. Ook die name van nuwe soorte stof is in Suid-Afrika Anglisismes al is hulle van Franse oorsprong, b.v. *Fuji-sy*, *crêpe-de-chine*, *gaberdien*. Ook 'n paar moderne kleure kry Engelse name: pienk en mouf.

Voedsel, drank en rookgoed: astrak, allspice,, kondensmelk, oatmeal, porreits, flour, jellie, jem, poeding, senwitjies (sandwiches), tjops, steak, kusterd, blamans (blanc-mange), angels' food, sardiens, whisky and soda, ale, stout, lemon-squash, shandy, sigrets, sighaar.

Siektes: horries (horrors); pneumonia; appendicitis, neuralgia, floe, taaisies (phthisis).

Sport: fêrplie, referee, krieket, tennis, rugbie, sokker, kroukie, hokkie, basketbal, reisie, bet, rekket, wicket, jokkie, forward, full-back, half-back, knock-on, dropkick, penalty, hiet; (Barbarismes): voetbal, heelagter, halfagter, strafskop, skepskop, paaltjies, ens.

Jag: pointer, boeldog, boelterrier, Irish terrier, kollie, ponie, heknie.

Kinderspeletjies: aispaa (I spy), rounders, leap-frog, see-saw, kiek-kiep, nokkeldown, keps-on-die-bek (Caps on the back.)

Kaartspeletjies: bridge, auction-bridge, whist.

NUWE GEVOELSWAARDE.

Deftigheid. In party kringe geld dit vir deftiger om Engelse woorde te gebruik as woorde van hulle eie taal. Hierdie soort Afrikaners is dikwels 'n bietjie skaam vir hulle eie naam en verander dit dus. Van *Van der Byl* maak hulle *Wendebail*, van *Cloete*, *Coeteé*, ens. Hulle praat graag van die „Governor-General” en die „Prime Minister”. Hulle gaan graag *kôl* in hulle nuutste *dres*, en as hulle weggaan is „goeiendag” nie deftig genoeg nie: hulle sê: *koedbaai*.

Beleefdheid. By andere is dit 'n verwronge begrip van beleefdheid wat hulle 'n vreemdeling altyd in Engels laat toespreek, op kantoor, op reis, of waar ook al.

Die gebruik van *Eufemismes* is ook 'n soort beleefdheid, en vir party mense is die Engelse woord dikwels 'n eufemisme: om sy vreemdigheid klink dit minder plat as die ooreenkomstige Afrikaanse woord. So praat hulle lievers van *napkins* as van „luiers”, van 'n *girl* as van 'n „meid”, van 'n *nurse* as van 'n „kindermeid”, van 'n *cook* as van 'n „kok”. Om dieselfde rede word woorde ingevoer soos: „dubbeljoesee” en die „rear”.

Hoewel die meeste Afrikaanse skrywers opsetlik streef na purisme, gebruik ander weer Engelse woorde om *persone en toestande raak te tipeer*, want dit is alleen moontlik met die werklik gesproke woord. Dit kan geïllustreer word met die volgende sinne uit „Ampie” van Jochem van Bruggen:

Hulle is vir Ampie bang omdat hy hulle afknou en *boelie*.

'n Kaapse jong het die „*game*” weggegee.

En daardie aand kom „*serts*” hulle my huis.

• *Getrep*: Ja, wragtig neef, *getrep*.

Net jou hare is in die *fessing*.

Jy staan verniet so *doontkêr* onder die doringboom.

Soms word Engelse woorde gebruik met die doel om *sarkasties te wees*. Daarin is Langenhoven 'n meester.

Vergelyk b.v. in Doppers en Filistyne die volgende opsomming van 'n aantal toesprake:

Die spietse het nie oor die politiek gehandel nie — natuurlik nie; maar hoe mooi dit was om by so'n geselligheid soos hierdie die twee seksies van die blanke bevolking op wie se hartelike samewerking die lotgevalle van Suid-Afrika berus, met soveel liefde te sien bymekaar kom om hulde te bewys aan 'n man soos Miester Wéndersbaail (hoor, hoor) wat so'n skitterende voorbeeld was van 'n brôôdmainded Dutchman (grote toejuiging) en hoe sy eggenote, Miesies Wéndersbaail (*hoera, hoera*) één van die hoogsgevierde leiders was van die plaselike sosaaïetie, en so populêr onder die vernaamste seksie van die dorpse bevolking al was sy van 'n ander ras (*luidrugtige applous*). As almal van ons maar die voorbeeld sou volg van huisgesinne soos dié van hierdie diesent Dutchman (*for hies 'n jollie koed fellow*) dan sou die verderfelike rassehaat gou genoeg uit die land verdwyn. En van die seuns, waardige opvolgers van 'n waardige vader, all of dem troe sportsmen—joe koedent tel dem from Britishers — en die drie dogters, haaborring iewen ief not Engliesborring leidies ewerie won of dem—daar van nie lof hoog genoeg om hulle toe te swaai nie.

Gewaarwordinge en gevoelens word kragtiger uitgedruk deur geleende woorde. Vandaar: demmet, dash it, nonsens, olrait, bloeming, bleddie, checky, excited, hot-stuff, jolly, nice, sweet, bother of bodder, nasty, nuisance, particular, stuck-up; (Barbarismes): ek haat om dit te doen; ek lyk dit nie.

By andere is *skugterheid* weer die rede vir die gebruik van Engels of Engelse woorde. Menige jong man is minder skaam om vir sy meisie te sê: „I love you” as „ek het het jou lief.” En sy antwoord allig dat hy haar „dear” is, en dat sy hom „true” sal bly, waarop hy kan laat volg dat sy so „sweet” is.

In ander gevalle gee vreemde woorde weer 'n gevoel van *intimiteit*. Vandaar: Miss, Missies, aant(ie), unkel, kussen, deddie, bebie.

In enkele gevalle is Engelse woorde geskikter deur hulle *groter beknoptheid*: boycot, piekniek, ens.

Heel dikwels help die Engelse woorde die *gevoel van onbeholpenheid wegneem* by die wat nie in staat is om hulle in hulle eie taal uit te druk nie. Vir hulle is die Engelse

leengoed dan 'n ware uitkoms, want vir hulle gevoel word hulle onkunde daardeur bedek, terwyl dit vir die goed Afrikaans-opgevoede Afrikaner des te pynliker aan die dag kom.

OU WOORDE DEUR NUWE VERDRING.

Uit die vorige afdelinge het geblyk op hoe velerlei gebied die Engelse kultuur, of die kultuur van ander lande, in die laaste eeu en 'n kwart deur Engelse kanale Suid-Afrika binnegestroom het. Hierdie invloed op kulturele en taalkundige gebied is nie beperk tot nuwe dinge wat in die tyd ontstaan het of ingevoer is nie, maar in baie gevalle het Engelse woorde bestaande ou Afrikaanse woorde vir dieselfde begrippe reeds verdring, of is hulle besig om dit te doen.

So is die *besigheidskantore* heeltemal *verengels*. Vandaar: offis, chief, Junior-clerk, safe, stock. Dat ook Afrikaners hierdie woorde gebruik, kom deurdat hulle soveel meer gehoor word as die ou Afrikaanse, want die offis-taal self is Engels.

Die telefoon. 'n Kaffer het eendag van sy baas bevel gekry om 'n boodskap oor die telefoon aan te neem. Maar die kaffer het beswaar gemaak: „Baas, die ding ekke hy verstaan hom nie; ekke hy kannie praat Engels nie.” En daar is baie Afrikaners ook met wie die ding, by die oproepkantoor, hy praat net Engels. Maar dis hulle eie skuld, want hulle praat self net Engels met die ding. En so bestaan daar vir hulle in verband met die telefoon geen Afrikaanse syfers nie, maar net Engelse. Op die manier deurkruis die Engelse en Afrikaanse taalgroewe mekaar hier, en ontstaan daar 'n mengeltaal. Dieselfde gebeur ook op die *tennisbaan*, waar nie alleen Engelse tegniese terme gebruik word nie, maar ook Engels getel.

Maar hierdie taalvermenging het in baie gevalle al eerder begin, want op die *Engelsmedium-skool* is al geleer om net op Engels op te tel en af te trek, te deel en te vermenigvuldig, en iedereen wat dit deurgemaak het, weet hoe swaar dit gaan om dit later weer af te leer. En die Engelse skool is vir nog baie meer verantwoordelik. Dis daar wat woorde soos: tjetser, blekboord, fail, pass, holiday, homework, inspector, prinsipaal, rubber; (barbarismes): eksamen-papier, merke; die Engelse name van die leervakke, met onderdele en tegniese terminologie, die

plek van die Afrikaanse inneem, en vandaar dat dit verder versprei word.

Op die *Uniwersiteit* hou hierdie proses aan en dring woorde soos: lecture, bunk, cram, swot, loaf, gown, degree-day, ens. in Afrikaans binne. Daar word ook baie gepraat van: periodicals, magazines, nowels, ens.

In die huis hoor ons van: die „kitsen” en die „pentry”, van: sideboards, carpets, rugs, hallstands, prems, en partymaal selfs van „towels”.

Afrikaanse name vir *amusement* is verdring deur Engelse soos: concert, organ-recital; (barbarisme): dans (= bal).

Stokou *kledingstukke* kry Engelse name, soos: pump, scarf, garters, boets, kep, en die damesklere en -hoede word gemaak deur *dresmakers* en *milliners*.

By die *kaartspel* word teenswoordig: *diamonds*, *hearts*, *clubs* en *spades* gebruik; die spelers *shuffle* en *deal* en *declare no-trumps*. So is ook *skaakbord* bedek met *kings* en *queens*, *knights* en *castles*, *bishops* en *pawns*. *Biljart* word gespeel met 'n cue; daar word *ge-canon* en die balle word in die *pocket ge-fluke*.

KLANKVERANDERINGE.

Die wat Engels goed ken en kan uitspreek, neem die Engelse woorde ook met hulle regte Engelse uitspraak oor. Hoe minder goed 'n Afrikaner Engels kan praat, hoe groter die waarskynlikheid dat hy die Engelse klanke aan sy eie Afrikaanse sal aanpas. Die mate van verafrikaansing hang dus veral af van die mate waarin die geleende woorde algemene volkswoorde geword het. Hier volg 'n paar voorbeelde van wat by verafrikaansing kan gebeur:

A word C b.v. in bokkie, trok, ens.

æ word E,, b.v. in trem, jem.

au word ou, b.v. in townguard, nokkeldoun, flour.

sj word s, b.v. in sieling.

dz word ts, b.v. in juts, kerreits.

dz word j, b.v. in juts, jem.

t val weg aan die ent na skerp konsonante, b.v. in: sjaf (uit shaft), kosprys.

VOLKSETIMOLOGIE.

Die volksetimologie speel 'n belangrike, deur die bekendheid met Engels dikwels 'n grappige rol. So word:

bicycle word baie sukkel, Martial Law word Martjie Louw, orderley word orreltjie, Tripperary word trippelmerrie.

BARBARISMES.

Die barbarismes van Engelse oorsprong het anders ontstaan as die wat afkomstig is uit die reeds benandelde tale. Hulle is naamlik gevorm in die mond van Afrikaners wat baie Engels hoor en praat, en nie deur Engelse wat Afrikaans geleer het nie.

Uitgange. Voorbeelde van woorde met deur Engels beïnvloed betekenis is hierbo vermeld. Tot nog toe is die Afrikaanse vormleer egter nie aanmerklik deur Engels beïnvloed nie. Alleen het *self* by party Afrikaners 'n algemene uitgang geword vir die refleksiewe Voornaamwoord, b.v. *Hy was homself*. Ook is uitdrukking soos: *Ek myself het dit gedoen*, nie onbekend nie.

Uitdrukkinge en konstruksies. So is daar ook 'n groot aantal individuele uitdrukkinge wat in vertaalde vorm in Afrikaans gebruiklik is, soos: *iemand afsien, iemand se been trek, 'n plek boek, die oorlog deursien, 'n lewe maak, 'n kans staan, iemand 'n drienk staan, iemand krediet gee vir iets, sy gedagte opmaak*, ens., ens.; maar vaste konstruksies wat onder Engelse invloed ontstaan het, is daar maar min in Afrikaans. Ons noem die volgende:

- 1) Ook in Afrikaanse koerante is dit gebruiklik om winkels in die Engelse genitiefsvorm te adverteer, waar suiwer Afrikaans geen uitgang sou hê nie, b.v.: Fletcher en Cartwrights; Darter's, Adderleystraat.
- 2) Twee Selfstandige Naamwoorde, waarvan die eerste die tweede bepaal, soos in: Kaapstad orkes, Johannesburg tentoonstelling, Witwatersrand Uniwersiteit, is nog steeds 'n veelvoorkomende Anglisisme.
- 3) Ook onder Engelse invloed brei die konstruksies met *vir* uit, soos in: *Was dit nie vir hom nie, dan...*; *kom ons gaan vir 'n uitstappie; hy het daar vir 'n lang tyd gebly.*
- 4) Tot word dikwels gebruik vir *voor*, b.v. in: *Dit was nie tot 1815 nie, dat...*
- 5) By heelwat Afrikaanse skrywers word onder Engelse invloed beknopte samestellinge in adjiktiewiese funksie gebruik, sodat ons woordverbindinge van die tiepe: *die wolksbedekte lug, die tentgevoormde bokseile,*

kry. Hierdie konstruksie word af en toe in moderne literêre Nederlands ook gebruik.

- 6) Die konstruksie van Langenhoven: *Wanneer sy iedere woord en daad getuig van die verandering* het ek nog nêrens anders in Afrikaans teengekom nie.

Funksieverandering onder Engelse invloed het ons in uitdrukkinge soos: ek *wonder*, hulle *groe*i aartappels; jy is *reg*.

GEBRUIKSFEER.

Tussen die taal van die puristiese professor en die stedeling wat 'n Afrikaans-Engelse mengeltaal praat, is die grade van verengelste Afrikaans by individuele sprekers oneindig veel. Die hoofkategorie wat die graad bepaal is (1) die woonplek van die spreker met die kringe waarin hy verkeer, en (2) sy opvoeding.

WOONPLEK.

(1) Die mees Engelse streke in Suid-Afrika is Natal en die Oostelike Provinsie van die Kaap. Al die groot stede—ook die wat in Afrikaanssprekende streke geleë is—is oorweënd Engels, en ook op baie kleiner dorpe is daar 'n sterk Engelse element. Deurdad Afrikaners wat op dié plekke woon so veel Engels hoor, kry die Engelse woorde omrede die veelvoudige herhaling, so'n oorwig in hulle gees dat hulle die plek van die Afrikaanse gaan inneem. Die suiwerheid van hulle Afrikaans hang dus af van hulle individuele kragsinspanning.

OPVOEDING.

(2) Daar is groot getalle goed ontwikkelde Afrikaners wat hulle opleiding op Engelse skole en Universiteite gehad het, by wie die beheer oor die moedertaal nie gelyke tred gehou het met hulle algemene geestelike ontwikkeling nie. Hulle is dus ten slotte maar half opgevoed, en vandaar al die Anglisismes. Dis veelal by hierdie klas dat daar—as hulle in die stede woon—'n mengeltaal ontstaan.

Naas hierdie halfopgevoedes, is dit die mins ontwikkelde Afrikaners in die stede en Engelse streke wat die meeste Anglisismes gebruik. Daardie groot klas van mense wat

hulle nog heeltemal nie bewus is, dat die taal ook iets is wat gekultiveer en verfyn moet word om sierlik en aantreklik te wees nie, is die speelbal van hulle omgewing en nie mans genoeg om ter wille van eie nasionale of estetiese ideale, stroomop te roei nie.

BESTRYDING VAN ANGLISISMES.

ONSUIWERE TAAL IS VIR DIE ONTWIKKELDE SMAAK ONESTETIES.

Oor die algemeen kan ons sê, dat as 'n leenwoord vir die allereerste keer gebruik word, die persoon wat dit doen hom daarvan bewus is. Maar as die woord reeds baie gebruik is, dan word dit deur die breë lae van die volk nie meer gevoel as iets vreemds nie—wat miskien met baie barbarismes van die begin af die geval is. Maar die persoon wat gewoon geraak het om op skoonheid van taal te let, word hom dit weer bewus as hy vreemde woorde gebruik; 'n gesprek vol opvallende leengoed is vir hom soos 'n dik gelapte broek: dit maak sy estetiese gevoel seer. Alleen wat reeds ten volle burgerreg verkry het, sal hom nie hinder nie.

HOE OM DIT TE VERMY.

Die beste raad vir die bestryding van ismes is dus om te waak teen die begin, die eerste binnedringing. In ons offisiële taal word die begin al in die hand gewerk, deurdat die Engelse teks byna altyd bo-aan staan en dus die eerste kans kry om 'n indruk in die harsings na te laat. Ismes wat ontstaan in die handel, in die nywerheid, in die skole, ens. kan die beste teengegaan word deur hierdie lewensfere self te verafrikaans. Anglisismes wat doelbewus gebruik word om 'n nodige gevoelsnuanse beter uit te druk of 'n ander leemte in ons Afrikaanse woordvoorraad aan te vul, doen 'n diens aan die Afrikaans taal; maar daarenteen moet die wat deur slordigheid of onkunde die plek van goeie Afrikaanse woorde en uitdrukkinge inneem, met alle kragte beveg word, en dit kan alleen geskied deur Afrikaners bewus te maak daarvan dat mooi, netjies taal nog belangriker is as mooi, netjiese klere.

N E D E R L A N D I S M E S.

Vandat Afrikaans tot kultuurtaal verhef is, kan ons ook praat van Nederlandismes as vreemde elemente in ons taal. Vroeër was dit nie so nie. Toe was Nederlands in

Suid-Afrika 'n erflike stylvorm in die taal van die Afrikaners, die stylvorm wat by offisiële geleenthede en in geskifte gebruik moes word. Dat Afrikaans nou ook by sulke geleenthede gangbaar geword het, beteken veral dat die Afrikaanse vormleer nou tot sy regte kom. Maar nog is die gewone omgangstaal alleen nie voldoende vir hoërdoeleindes nie, en kan dit ook nooit word nie. Ons bly dus ons erfregte opeis op Nederlandse kultuurwoorde en Nederlandse konstruksies, as ons dit nodig het vir noukeuriger of meer verhewe gevoels- en gedagte-uiting. Alleen onnodige Nederlandse woorde en konstruksies, of Nederlandse woorde en konstruksies wat teenstrydig is met die Afrikaanse taalgees, moet vermy word.

Hier volg 'n paar voorbeelde van sulke uit die Nederlandse literêre taal oorgeërfde konstruksies wat goeie dienste doen in literêre Afrikaans, hoewel hulle nie in die omgangstaal voorkom nie: (Vir besonderhede sien: J. J. le Roux, *Oor die Afrikaanse Sintaksis*).

1. In die kultuurtaal word dikwels 'n abstrakte Selfstandige Naamwoord of 'n Infinitief gebruik waar ons by die praat 'n Verbum Finitum besig, b.v. *Dit kom deur die aanwesigheid van so baie mense* (= deurdat daar so baie mense was); *dit skyn waar te wees* (= dit lyk of dit kan waar wees).
2. Die Adjektief staan na die Substantief, b.v. in: *haar voorhoof warm van inspanning en ontroering*.
3. 'n Adjektief met substantiewiese voltooiing word attributief gebruik, b.v.: *Sy in alle waarskynlikheid veel sorgvuldiger skoolse opvoeding*.
4. Teenswoordige Deelwoorde word gebruik as bepaling ook by Werkwoorde, b.v.: *Toe draai hulle skielik om en trek stertswaaiend af*.

Daarenteen kan onafrikaanse konstruksies soos die volgende geen goeie diens doen nie:

1. Konstruksies waarin die Afrikaanse *om* weggelaat is, b.v.: *Hulle weet nie watter een te kies nie*.
2. Konstruksies soos: *Ons meen reeds genoeg gesê te hê*, in plaas van „te gesê het.”
3. Die Nederlandse woordorde, in konstruksies soos: *van wat jy lievers nooit nie het gesien*.

Ook is af te keur Nederlandse woordvorme, soos: *soas en eweas* en die gebruik van woorde soos: *aardig* en *amper* in hulle Nederlandse betekenis.